

Hoofstuk 4

Metateoretiese perspektiewe en empiriese ondersoek

4.1 Inleiding

Die navorsingsvraag *hoe kan noutetiese berading aangewend word vir persone wat deur piëtistiese mistasting in die toewydingsaspek/te van hul lewensheiligheid beïnvloed word*, definieer die doelstelling van die studie (vergelyk 1.4 – p. 11). Dit hang ten nouste saam met die sentrale teoretiese argument van die studie *dat gelowiges met piëtistiese mistastings oor lewensheiligheid deur middel van noutetiese berading begelei kan word om die mistastings te oorkom en in die volheid van die Versoening in Christus Jesus te lewe*.

Ten einde die doelstelling effektief te kan uitvoer sou dit vereis dat 'n berade persoon 'n duidelike, Skrifgefundeerde begrip van sonde en heiliging moet verkry. In die basisteorie is die konsepte *sonde* en *heiligheid* vanuit die Skrif en toepaslike lektuur ondersoek en in Hoofstuk 2 is die piëtistiese mistasting op dié aspekte in kontemporêre Christelike godsdiens aangedui. Die dogma oor opvolgende genadewerke as 'n piëtistiese mistasting is uitgesonder vir nadere ondersoek en dit is in breë besonderhede beskryf en krities in Hoofstuk 3 beoordeel. Uit die beskrywing en beoordeling is tot die gevolgtrekking geraak dat die mistasting nie Skriftuurlik geregverdig kan word nie.

4.2 Metateorie

Die metateoretiese komponent van die studie sluit die verkenning van toepaslike vakliteratuur en 'n empiriese ondersoek in. Binne die konteks en vir die doeleindes van die empiriese ondersoek sentreer die metateoretiese studie in 'n toepaslike teorie vir die empiriese navorsing vanuit 'n narratiewe benadering.

4.3 Empiriese ondersoek

4.3.1 Doelstelling

Die empiriese ondersoek is gerig op die navorsing van hoe die mistasting van opvolgende genadewerke *belewe* word deur persone wat daaraan blootgestel is/was. Die ondersoek fokus op die volgende vrae rakende: hoe iemand by hierdie vorm van piëtisme betrokke raak; waarom iemand nie by hierdie vorm van piëtisme betrokke raak nie; waarom iemand in hierdie vorm van piëtisme bly en hoe iemand uit hierdie vorm van piëtisme kom.

4.3.2 Navorsingsontwerp

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp en meer spesifiek narratiewe analise is gebruik (vergelyk Berg, 2007:2; Lieblich, Tuval-Masiach & Zilbert, 1998:12).

4.3.2.1 Kwalitatiewe navorsing

Daar is 'n verskeidenheid sosiaal-wetenskaplike navorsingsmetodes vir empiriese navorsing beskikbaar en die verskille tussen, en argumente vir of teen kwantitatiewe teenoor kwalitatiewe metodes is omvattend geboekstaaf (Berg, 2007:1). Enkele besonderhede word ter oriëntering aangedui.

Kwantitatiewe navorsing werk met veranderlikes, statistiese ontleding van bv. getalle om 'n teorie te toets, te bevestig of verkeerd te bewys (De Vos *et al.*, 2002:79). Kwantitatiewe navorsing fungeer vanaf 'n positivistiese vertrekpunt en poog om die sosiale wêreld objektief te meet en menslike gedrag te voorspel en te beheer (:79). Die filosofiese en metodologiese uitgangspunt van positivisme is dat net feite en per implikasie statisties verifieerbare gegewens die basis van kennis kan vorm (Deist, 1992:196). Berg (2007:3) stel dat dit onmoontlik is om sekere belewenisse betekenisvol op 'n kwantitatiewe, statistiese wyse of deur middel van syfers uit te druk. Aangesien die huidige studie gemoeid is met die persoonlike belewenis van 'n religieuse fenomeen en dogma waaraan deelnemers blootgestel is/was, is 'n kwantitatiewe metodiek in die navorsing dus nie aanbevole nie.

'n *Kwalitatiewe* benadering is antipositivisties ingestel. Interpretasie van die beskrywende data wat deelnemers skriftelik of verbaal vanuit hul belewenis meedeel, is daarop gerig om die data /inhoud te verstaan/interpreteer in plaas daarvan om dit te probeer verduidelik (De Vos *et al.*, 2002:79; Schoeman, 2005:119). 'n Ryke verskeidenheid navorsingsmoontlikhede is beskikbaar om iemand wat persoonlik betrokke was by dit wat ondersoek word se beleving kwalitatief te verken. Dit geskied die beste vanuit deelnemers se persoonlike perspektief op, of fenomenologiese ervaring van dit wat ondersoek word (Berg, 2007:3).

De Vos *et al.* (2002:79) noem 'n deelnemer wat die tersaaklike fenomeen eerstehands ervaar of ervaar het, 'n "insider." "Insiders" kan waarskynlik die beste insig bied met betrekking tot hoe 'n fenomeen daar uitsien of hoe dit "werk" en derhalwe ook hoe daarvan vryekom word. Die resultate van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp is daarom vir die doel van die huidige studie belangrik, want deur te verstaan hoe die betrokke piëtisme-vorm belewe word, kan ander persone wat daardeur beïnvloed is en hulp verlang, pastoraal begelei word om daaruit te kom.

4.3.2.2 Narratiewe navorsing

Die konsepte *vertelling* (narratief) en *lewens storie* ("life story") beklee tans 'n belangrike plek in die sosiale wetenskap (Lieblich *et al.*, 1998:1). Aangesien die mens van nature 'n storieverteller is (:7) en taal 'n baie belangrike deel van ons kommunikasie met mekaar uitmaak (Anderson & Goolishian, 1988:377), is dit wat mense oor hulle belewenisse vertel een van die duidelikste maniere om identiteit en persoonlikheid te ontdek (Lieblich *et al.*, 1998:7). Hoe iemand realiteit ervaar kan hieruit duidelik word (:7), want taal is die wyse waarop sosiale gemeenskappe hul beskouing op die werklikheid konstrueer (Anderson & Goolishian, 1988:377). Venter (1998:2) stel dan in hierdie verband dat iemand se taal en kultuur 'n uiters belangrike rol speel in die daarstelling van sy "storie."

Persone se lewensstories kan 'n evaluerende doel in die navorsing van 'n probleem in die werklike lewe dien (Lieblich *et al.*, 1998:3). Dit kan lei tot "real world measures" ten opsigte van "real-life problems" (:5) in iemand se kultuur en sosiale omgewing (:9). In die konteks van hierdie studie is haalbare hulpmaatreëls ("real world measures") vir gelowiges se belewenis ten opsigte van piëtisme nodig. In hierdie geval kan persone se belewing van die piëtistiese mistasting van opvolgende genadewerke, asook hoe sekere individue hulle daarvan bevry, nagegaan word deur dit eerstehands van betrokkenes te verneem.

Tydens hierdie vorm van navorsing het *a priori* hipoteses wat gevorm word voordat 'n ondersoek gedoen word, nie bestaansreg nie (Lieblich *et al.*, 1998:10). Die rigting wat deur 'n narratiewe ondersoek aangedui word, kom gewoonlik na vore vanuit die resultate van 'n navorser/s se persoonlike, dinamiese interpretasie van die vertelling (:10). Die aanname in narratiewe navorsing dat daar nie absolute waarheid oor enigiets by die mens se ervaring van realiteit bestaan nie, moet derhalwe voortdurend in gedagte gehou word, omdat daar nie een spesifieke en korrekte lees en/of interpretasie van 'n teks of verhaal bestaan nie (:2).

Navorsers wat 'n narratologiese ontledingsmetodiek volg, moet doelgerig wees. Deist (1992:85) verwys na dié doelgerigtheid as *epoche*: 'n navorser moet sy kennis of idees opskort wat rakende die onderwerp met vorige navorsing verkry is en hom bepaal by dit wat nou gedoen moet word. Deelnemers moet vry wees om hul eie storie te vertel, daarom moet 'n navorser daarteen waak dat sy teoretiese standpunt nie in die samestelling en bewoording van vrae aan deelnemers deurskemer nie.

Die navorser het tydens die navorsingsproses die noodsaaklikheid van *epoche* besef, veral uit die terugvoer van die studieleiers. Tydens die verloop van die studie het hy ontdek dat hy nie deurgaans neutraal tot die ondersoek (en gevolglik ook die resultate) ingestel was nie. Gesprekke met die studieleiers hieroor het hom gehelp om bedag te wees daarop en dit teen te staan. In sy kontak met die deelnemers en met die verkreeë data het die navorser gepoog om so objektief moontlik te bly. Die navorser het – in die lig van Checcin (1987:407) se uitspraak oor

hoe 'n terapeut (navorser in hierdie geval) neutraliteit kan behou – deurentyd nuuskierig gebly tydens die onderhoude om sodoende talle moontlikhede te verken. Hierdeur is gepoog om die deelnemers genoeg ruimte te gun sodat hulle, hul storie van die piëtisme-vorm in hul eie woorde kon vertel (Anderson & Goolishian, 1988:381).

4.3.3 Deelnemers

'n Bruikbare eienskap van narratiewe navorsing is dat die navorsingsvraag 'n rigtinggewende invloed kan uitoefen op die keuse van deelnemers (Lieblich *et al.*, 1998:10). In hierdie studie is persone betrek wat lank by die piëtisme-vorm betrokke is. Dié betrokkenheid spruit daaruit voort dat hulle almal lede is van dieselfde denominasie binne die breë lyn van die "Evangeliese" heiligheidsbeweging. Hul lidmaatskap is dan beide die kwalifiserende, en die kontrole-kriterium, en hulle is dus volgens De Vos *et al.* (2002:79) "insiders" wat die tersaaklike fenomeen eerste-hands ervaar/het. Geen ander kriteria is vir deelname gestel nie.

Die keuse van die deelnemers of groepe deelnemers is bepaal met die navorsingsvraag in gedagte, want deur middel van die keuse kon toepaslike inligting verkry word oor hoe iemand betrokke geraak het by die spesifieke vorm van piëtisme, hoe dit belewe is en hoe daarvan weg-beweeg is of nie. Die deelnemers is met verloop van tyd deur die navorser geïdentifiseer tydens informele gesprekke waarin die betrokke piëtisme-vorm ter sprake gekom het. Die groep-deelnemers kan dus beskou word as 'n doelgerigte steekproef (Neuman, 2000:198).

Met die oog op die voorgestelde beradingsbenadering is 'n breë verteenwoordiging van deelnemers bestaande uit drie groepe van drie persone elk gekies, naamlik: mense wat in hul kerk die piëtisme-dogma aanvaar en hulle as betrokke daarby beskou ("huidige p-persone"); dié wat dit laat vaar het ("gewese p-persone") en die persone wat aktief betrokke is by hierdie piëtistiese geledere, maar nogtans nie deur die piëtisme-vorm/dogma beïnvloed is/word nie ("nooit p-persone nie"). Deelnemers is tydens die eerste fase van die data-insameling (vergelyk 4.2.4) gevra hoe hulle, hulle sou identifiseer ooreenkomstig die drie genoemde kategorieë proefpersone.

Die narratiewe benadering in die sielkunde leen hom daartoe om 'n meer persoonlike benadering te volg sodat deelnemers persoonlik teenwoordig kan wees in die navorsingsproses, met dié aanbieding van die bevindinge en die bespreking daarvan (Josselson & Lieblich, 2005, soos aangehaal deur Van der Merwe, 2005:7). In 'n poging om dit te bewerkstellig word vervolgens, deur gebruik te maak van pseudoname, relevante inligting verstrek oor elke deelnemer in die volgorde van die drie kategorieë, naamlik "huidige p-persone", "gewese p-persone" en "nooit p-persone nie." Die deelnemers kom persoonlik aan die woord deurdat hul belewenis met gebruik van die pseudoname in die analise en interpretasie van die onderhouddata vermeld word.

Die Navorser. Die navorser is 64 jaar oud. Hy het as 25-jarige tot bekering gekom. Na sy teologiese opleiding en 'n kort gemeentebediening is hy 24 jaar lank teoloog. In die kontak met studente in klassituasies, asook tydens die omgang met lidmate in sy kerk, kry hy te doen met die talle vrae/probleme wat ondervind word oor die dogma van die vereiste opvolgende genadewerk. Sommige studente het tot die besef gekom dat die dogma teologies nie geldig en eksegeties nie verantwoord is nie, en het ook die negatiewe uitwerking daarvan in hul eie en ander gelowiges se lewensheiligheid en heiliging beleef. Dit was die aansporing vir die grammaties-historiese ondersoek van die leer en die empiriese navorsing van die belewenis daarvan ten einde pastorale hulp te kan verleen aan diegene wat dit sou verlang.

Huidige p-persone:

Allan is 'n 70-jarige pensionaris. Hy het op 41-jarige leeftyd tot bekering gekom. Kort daarna verlaat hy en sy gesin hul vorige kerkverband en hulle is sedertdien aktiewe lidmate van hul huidige kerk. Vanweë werkverpligtinge in verskeie dorpe en stede kon hy in verskillende gemeentes in die kerkraad dien en ook aktief aan ander kerklike aktiwiteite meedoen. Met sy innemende geaardheid het hy baie geleenthede op kerklike gebied gehad om as Sondagskool-onderwyser en lekeprediker op te tree. Hy is 'n baie ywerige Bybelstudent.

Andrew is 51. Hy kom as 18-jarige tot bekering nadat hy 'n "traktaatjie" (inligtingstuk) oor bekering gelees het. Betreklik kort daarna begin hy teologie bestudeer, eers by 'n evangeliese Bybelkollege en daarna ontvang hy teologiese opleiding by sy kerk se kweekskool. Hy is baie lief vir die Bybel en sedert hy tot bekering gekom het, probeer hy om dit jaarliks deur te lees. Sy prediking is Christusgesentreer en in die gemeente waar hy tans dien, word sy innoverende ontwikkeling en entoesiastiese aanbieding van Bybelstudiemateriaal baie deur die gemeenteliede waardeer. Hy het daarin geslaag om die gemeente vanuit 'n sukkelbestaan te laat uitstyg en hulle funksioneer nou as 'n lewenskragtige groep gelowiges.

Graham is 45. Hy het as 11-jarige seun tot bekering gekom tydens 'n reeks evangeliedienste wat deur sy kerk gehou is. Hy is 'n baie lojale lidmaat en lei sy gesin in 'n toegewyde lewenspatroon. Ongeveer 10 jaar gelede betree hy die bediening en sedertdien het hy verskeie gemeentes bedien waarin hy veral as 'n gemeentebouer na vore getree het. Hy studeer nie formeel nie, maar bly besig met navorsing van verskeie teologiese en verbandhoudende onderwerpe.

Gewese p-persone:

Edgar is 42 en het as 16-jarige seun tot bekering gekom. Hy is al 25 jaar lank lidmaat en vir die afgelope 13 jaar 'n predikant. Vanuit sy wye belesenheid beoefen hy 'n beradingsbediening onder veral getraumatiseerde gevalle. Hy is besig met nagraadse navorsing. As 'n toegewyde Bybelstudent beskou hy die nagraadse werk waarmee hy besig is as noodsaaklik, want hy het

ontdek dat die basiese teologiese opleiding by sy kerk se kweekskool onvoldoende is vir die eise van die bediening.

Marko is 47 en het in sy laat-twintigs tot bekering gekom. Daarna ontvang hy teologiese opleiding by verskillende instansies en is die afgelope 14 jaar reeds predikant. Op sinodale vlak dien hy in van sy kerk se uitvoerende kommissies. Hy is ernstig oor 'n hermeneuties korrekte hantering van die Skrif en daarom fokus sy nagraadse studie spesifiek op hermeneutiese aspekte. Sy bediening is geseën en sy gemeente koester hoë waardering vir sy duidelike eksegetiese Woordverkondiging.

Robert is 37. Sy ouers is lidmate en hy ken geen ander kerk nie. Hy het as 19-jarige tot bekering gekom. Ongeveer 10 jaar gelede verlaat hy 'n suksesvolle loopbaan om teologie te studeer. As student was hy leergierig en het akademies goed presteer. Hy ontwikkel 'n entoesiasme vir hermeneuties korrekte Skrif-eksegese. Sy gemeente waardeer die diepgaande eksegetiese Bybelonderrig waarmee hy hulle bedien. Sy teologiese belesenheid beslaan 'n wye veld en hy bly met informele studie besig. In sy kerk is hy 'n gewilde spreker en hy ontvang gereeld uitnodigings om in gemeentes op te tree.

Nooit p-persone nie:

Amanda het 20 jaar gelede in haar vorige kerk tot bekering gekom en 10 jaar later word sy 'n lidmaat van haar huidige kerk. Vanweë werksomstandighede het sy heelwat verhuis en in die verskeie gemeentes waar sy lidmaat was, het sy altyd toegewyd meegewee. Vanweë haar bekwaamheid kon sy in verskillende hoedanighede in gemeentes dien en sy beklee tans 'n leidende posisie waarin sy die ondersteuning van medegelowiges het.

Christopher is 46 jaar oud. Hy het as 'n 15-jarige seun in sy vorige kerk tot bekering gekom. Hy is nou 10 jaar lank lidmaat en na sy teologiese opleiding bedien hy die afgelope 5 jaar 'n gemeente. Hy studeer nagraads en lê hom spesifiek daarop toe om die Skrif hermeneuties korrek te hanteer. Sy preke word gekenmerk deur deeglike navorsing en hy bedien die gemeente met Skrifgetroue eksegese. Dit word waardeer deur lidmate wat meer onlangs tot sy gemeente toegevoeg is. Sommige persone wat al lank lidmate van die kerk is, staan egter krities daarteenoor, want in vergelyking met 'n piëtisties-georiënteerde patroon van verkondiging waaraan hulle met verloop van jare gewoon geraak het, vind hulle 'n hermeneuties-getroue verkondiging "te akademies" of bestempel dit negatief as "wetenskaplik." Die hoofrede waarom hulle nie van die eksegese hou nie, is egter omdat dit "nie volgens die tradisie van ons kerk" is nie.

Stephen was 64 en het op 16-jarige leeftyd tot bekering gekom. Hy het ook, soos hy dit uitdruk "...in die kerk grootgeword." In 'n betreklik vroeë stadium van sy lewe word hy 'n predikant. As 'n ervare berader met meer as 'n kwarteeu ondervinding is hy in en buite sy kerk baie bekend en bemind. Hy ontvang talle uitnodigings om onderrig te gee oor 'n wye spektrum van onderwerpe. Stephen is 'n lojale, betroubare gelowige met 'n baie sterk sin vir geregtigheid.

4.3.4 Data-insameling

Die *eerste fase* van data-insameling was om die geïdentifiseerde persone telefonies te bereik om te verneem of hulle bereid sou wees om aan die navorsing deel te neem. Tydens dié eerste gesprek is die begrip piëtisme in verband met die dogma oor opvolgende genadewerke verduidelik en belangrike aspekte rakende die aard en doel van die navorsing is aan die deelnemers meegedeel. Die navorser het seker gemaak dat die persone die begrip piëtisme in die konteks van die studie en die aard en die doel van die navorsing verstaan. Die deelnemers moes ook aandui tot watter kategorie proefpersone hulle behoort.

Tydens die *tweede fase* is die deelnemers gevra om 'n semi-gestruktureerde vraelys (Neuman, 2000:260) wat in samewerking met die mede-promotor opgestel is, skriftelik te beantwoord. Die vraelys is aan die deelnemers gepos of per e-pos versend en hulle is versoek om die vrae so volledig moontlik in te vul/te beantwoord. Die inhoud van die vraelys wat aan die deelnemers in die onderskeie drie groepe gestuur is naamlik, huidige p-persone, gewese p-persone en nooit p-persone nie, was:

a) Aan huidige p-persone:

1. Kan u vertel hoe dit gebeur het dat u betrokke geraak het by die piëtisme?
2. Hoe het u die betrokkenheid by die piëtisme beleef (met ander woorde hoe het u daarvoor gedink en gevoel)?
3. Dink u dat u ooit hierdie leer sal versaak en terugkeer na die oorspronklike/Bybelse siening?
Indien nie, waarom nie?
Indien wel, waarom?
(Vergelyk Bylaag 1.)

b) Aan gewese p-persone:

1. Kan u vertel hoe dit gebeur het dat u betrokke geraak het by die piëtisme?
2. Hoe het u die betrokkenheid by die piëtisme beleef (met ander woorde, hoe het u daarvoor gedink en gevoel)?
3. Hoe het dit gebeur dat u wegbeweeg het van die piëtisme af terug na die oorspronklike/Bybelse siening?
4. Hoe het u daarin geslaag?
5. Hoe het u die wegbeweeg van die piëtisme af terug na die oorspronklike/Bybelse siening beleef (daarvoor gevoel en gedink)?
6. As ek en u mense moet help wat hulle in hierdie lewenswyse bevind, hoe dink u sal ons dit doen?
(Vergelyk Bylaag 2.)

c) Aan nooit p-persone nie:

1. Waarom reken u raak mense by die piëtisme betrokke?
2. Waarom reken u bly sommige daarin?
3. Waarom reken u breek sommige daarvan weg? Hoe dink u kry hulle dit reg?
4. As ek en u mense moet help wat hul in hierdie lewenswyse bevind, hoe dink u sal ons dit doen?

(Vergelyk Bylaag 3.)

Die *derde fase* was om deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude (Poggenpoel, 2003: 148) opheldering van gegewens van die response op die vraelyste te verkry of om sodoende verdere inligting oor die saak te bekom. Hierdie onderhoude is met toestemming van die deelnemers met 'n digitale klankopnemer vasgelê (Poggenpoel, 2003:147) en later op oudiobande oorgeklank en deur die navorser getranskribeer. Sodoende is verseker dat die data akkuraat gedokumenteer word vir die analisering wat sou volg (:147-147). Die tydsame proses van die transkribering het daartoe bygedra dat die navorser goed vertrouwd geraak het met die data wat hom dan ook gehelp het tydens die analiseringproses (Braun & Clarke, 2006:87), en dit het ook die geloofwaardigheid van die studie verhoog (Botes, 2003:180).

Tydens en net na afloop van die onderhoude, het die navorser aanvullende aantekeninge oor die volgende aspekte gemaak:

- Sekere aspekte wat as belangrik beskou is, is aangeteken en verdere vrae is tydens die onderhoude daarvoor gevra (Neuman, 2000:277).
- Emosionele nuanseringe en lyftaal by deelnemers is aangeteken, aangesien dit belangrike inligting oor die belangrikheid van aspekte van die deelnemers se stories kon aandui (vergelyk 4.3.5).
- Die navorser het voorkeur gegee aan "wat-" en "hoe-" -vrae. Berg (2007:104) meen dat "waarom" vrae 'n negatiewe respons kan ontlok en dat deelnemers dan moontlik nie 'n vraag volledig antwoord nie. By die kategorie "nooit p-persone nie" is "waarom" vrae egter gebruik in 'n diagnostiese sin om insette van deelnemers te verkry.
- Na elke onderhoud het die navorser notas gemaak van sy eie belewenisse, observasies wat gemaak is tydens die onderhoud, moontlike sterk- en swakpunte van die onderhoud en moontlik bruikbare inligting vir die beradingsvoorstel (Neuman, 2000:277; Poggenpoel, 2003:147).

Die onderhoude het lengtegewys gewissel, maar die gemiddelde duur was 45 minute.

4.3.5 Analise en interpretasie van die data

Die tipe narratiewe analise wat gebruik is in die ontleding van die data is 'n kategoriele-inhoudsperspektief ("categorical-content perspective") (Lieblich *et al.*, 1998:16-17, 112). Tydens hierdie tipe analise, ook bekend as inhoudsanalise, word gefokus op 'n bepaalde aspek van persoon(e) se lewensverhaal (:16) – in die huidige studie dus die persone se beleving van die tersaaklike piëtisme-vorm in hul lewe.

In navolging van Lieblich *et al.* (1998:112-120) se riglyn vir hierdie tipe inhoudsanalise is die volgende prosedures tydens die ontleding van die data gevolg:

- Tydens die deurlees van die data is alle inligting wat by die navorsingsvrae aansluit, geïdentifiseer om sodoende die nuwe sub-teks vir verdere ontleding te word.
- Tydens die herhaaldelike lees van die vraelyste, die navorser se prosesnotas en die getranskribeerde onderhoude, asook die herhaaldelike luister na die oudiobande, is temas en subtemas (inhoudskategorieë) geïdentifiseer en opgeteken. Dit was 'n tydsame, siklusse proses waarin temas en subtemas telkemale gewysig is namate die navorser tydens die herevaluering van die data tot nuwe insigte gekom het. Hierdie temas is gekies op grond van die hoeveelheid detail wat oor 'n tema verskaf is, die intensiteit waarmee daar oor 'n tema gepraat is – die deelnemers se stemtoon en lyftaal was 'n aanduiding daarvan – en die belangrikheid van die tema in die konteks van die storie/narratief. Analise en interpretasie van die getranskribeerde teks is ook deur die mede-promotor gedoen. Dit, asook die onderskeie metodes van hoe die data ingesamel is – vraelyste, onderhoude en prosesnotas van die navorser – het verseker dat 'n trianguleringsproses gevolg is wat belangrik is vir die vertrouenswaardigheid ("trustworthiness") van die navorsing (Botes, 2003:181).
- Vervolgens is spesifieke uitsprake en antwoorde wat bekom is uit die vraelyste en die oudiobande onder elk van die voorgestelde temas en subtemas gegroepeer. Tersaaklike verbatim aanhalings van deelnemers is uitgesonder vir die evaluering van die bevindinge. Hierdie proses is deur die mede-promotor gekontroleer.
- Ten slotte is die oorspronklike data weer gelees en is besluit of die bevindinge waartoe gekom is 'n getroue weergawe is van die deelnemers se narratiewe oor die betrokke piëtisme-vorm.

4.3.6 Etiese aspekte

Tydens die navorsingsproses is streng gehou by die voorskrifte vir etiese navorsing, soos voorgestel deur Berg (2007:78-82) en Neuman (2000:486-491).

Soos vroeër aangedui (vergelyk 4.3.4), is die doelstellings en die navorsingsproses wat gevolg sou word aan die deelnemers verduidelik. Deelname aan die projek was vrywillig en deelnemers was vry om hulle in enige stadium aan die ondersoek te onttrek. 'n Onderneming deur die navorser (Bylaag 4) ten opsigte van die konfidensialiteitsaspekte verbonde aan die studie, is aan elke deelnemer gegee.

'n Verklaring van vrywillige deelname is van elke deelnemer verkry waarin ook toestemming verleen is om navorsingsresultate in die studie te publiseer onder 'n skuilnaam (Bylaag 5). Deelnemers is genooi om die inligting te kontroleer voordat dit in die navorsingsresultate gepubliseer sou word, maar geeneen het dit opgevolg nie (verwys Bylaag 4).

4.3.7 Evaluering van bevindinge

Lieblich *et al.* (1998:173) noem vier kriteria wat nuttig is vir die evaluering van narratiewe navorsing:

Strekking/wydte: Die kriterium dui op die gehalte van die onderhoude en die voorgestelde analise en interpretasie van die narratiewe in verhouding tot die navorsingsvraag. Die vraelyste en onderhoude wat gevoer is met die drie kategorieë deelnemers wat geselekteer is, het heelwat data opgelewer wat sinvol geanaliseer en geïnterpreteer kon word om die navorsingsvraag te beantwoord. Die klein getal deelnemers uit elke kategorie, naamlik drie, kon moontlik die data verskraal het, maar daar was 'n groot mate van oorvleueling by die betrokke deelnemers se stories en in sommige gevalle het van die deelnemers feitlik al die fasette wat in die basisteorie na vore kom, genoem. Die getranskribeerde onderhoude het ook daartoe gelei dat talle direkte aanhalings van die deelnemers se stories gerapporteer kon word.

Samehang/koherensie: Dit verwys na die wyse waarop die interpretasie van die data 'n afgeronde en sinvolle samehang vorm en in watter mate dit aansluiting vind by ander teorieë en navorsing. Die navorsingsvrae, wat daarop gerig was om 'n prosesmatige beeld te verkry van die betrokkenheid al dan nie by die piëtisme-vorm en die betrokke bly by die piëtisme-vorm al dan nie, asook die noukeurige toepassing van die narratiewe-analise stappe (vergelyk 4.3.5), het die navorser in staat gestel om die groot hoeveelheid data sinvol te interpreteer en te integreer. Die resultate weerspieël en valideer in 'n groot mate die belangrikste bevindinge in die basisteorie.

Insig: Dit behels die varsheid en vindingrykheid in sowel die aanbieding, analise en interpretasie van die narratiewe. Die narratiewe navorsingsmetode en die prosesmatige ontleding van die data is volgens die navorser 'n vars benadering tot die navorsingsarea. 'n Belangrike vraag wat by hierdie kriterium van *insig* aansluit, is of die leser uit iemand se storie 'n beter insig in sy eie storie verkry. Die navorser kan op hierdie vraag bevestigend antwoord. In sommige van die

deelnemers se ervaring het hy van sy eie belewenis raakgesien en verdere insigte is oor die piëtisme-vorm ontwikkel.

Ontleedbaarheid: Dit verwys na die vermoë om 'n analise wat op 'n klein hoeveelheid konsepte berus, beskikbaar te stel met gepaardgaande literêre gehalte ("...*Elegance or Aesthetic appeal*" – Lieblich *et al.*, 1998:173). Die inligting wat deur die vraelyste wat die deelnemers ingevul het en die daaropvolgende onderhoude bekom is, het daartoe bygedra dat 'n sinvolle tematiese analise en bespreking van die deelnemers se narratiewe gedoen kon word. Die direkte aanhalings van die deelnemers se stories het ook daartoe gelei dat hul stemme tydens die databespreking gehoor kon word.

Volgens Lieblich *et al.* (1998:173), is 'n proses van konsensuele validering uiters belangrik om vertrouenswaardigheid van narratiewe navorsing te verseker. Hierdie proses behels dat 'n navorser se bevindinge sin maak vir ander navorsers en ingeligte individue. Die mede-promotor se insette was vir hierdie kriterium onontbeerlik, want vanuit sy wye ondervinding as psigoloog, akademikus en praktiese ondervinding op die gebied van narratologiese terapie en navorsing, kon hy die onderhoude en dataontledingsproses en bevindinge krities valideer. Sy insig in die basisteorie – waarmee hy hom deeglik op hoogte gebring het – was hierin 'n bepalende faktor. Gepaardgaande met sy begrip as toegewyde gelowige kon hy die betrokke piëtisme-vorm neutraal en krities beoordeel en so die navorser begelei om objektief met die data om te gaan.

4.4 Resultate en bespreking

Die onderhoude met deelnemers is deurgaans gekenmerk deur hul gretigheid om deel te neem. Hulle hulpvaardigheid om hul wonings of 'n ander geskikte lokaal vir 'n onderhoud beskikbaar te stel gepaard met die openhartigheid om hul lewensstories rakende die navorsingsonderwerp aan die navorser mee te deel, is verdere bewys hiervan. Die lengte van die onderhoude het nie veel gewissel nie, met die uitsondering van een wat kort was. Die deelnemer, *Amanda*, was nie baie spraaksaam nie. Sy het egter ongeforsed binne 'n aangename atmosfeer gepraat en in weerwil van die relatief kort onderhoud nogtans saam met haar response op die vraelys 'n waardevolle bydrae tot die ondersoek gelewer.

Daar is besluit om die temas, soos verkry uit die navorsingsdata, in vier hoofpunte aan te bied om sodoende 'n prosesmatige beeld te vorm wat ooreenstem met die vierledige doelstelling van die empiriese ondersoek, naamlik: om vas te stel hoe iemand by hierdie vorm van piëtisme betrokke raak; waarom iemand nie by hierdie vorm van piëtisme betrokke raak nie; waarom iemand in die vorm van piëtisme bly en hoe iemand uit die vorm van piëtisme kom. Vanweë die feit dat temas en subtemas vervleg is, is oorvleueling tussen die temas en subtemas onvermydelik in die hantering van die vier hoofpunte.

Temas word in die bespreking van die data in **vetdruk** aangedui en **subtemas** in **vetdruk kursief**.

Met vermelding van die betrokke pseudoname word verbatim aanhalings van die deelnemers gebruik om die onderskeie hoofpunte, temas en subtemas toe te lig. Aangesien deelnemers se narratiewe talle opvallende ooreenkomste vertoon, is net enkele tersaaklike verbatim aanhalings gebruik. Daar is gepoog om deelnemers naastenby eweveel "aan die woord" te stel, maar aangesien sommige deelnemers meer as ander te sê gehad het, is daar selektief met aanhalings te werk gegaan.

'n Samevatting word kortliks na elke hoofpunt gedoen en vanuit die empiriese gegewens word raakpunte met die basisteorie aangetoon.

4.4.1 Hoe raak iemand by hierdie vorm van piëtisme betrokke?

Al die deelnemers van die drie kategorieë se betrokkenheid by piëtisme spruit voort uit hul lidmaatskap by dieselfde kerk. Kategorie een ("huidige p-persone") se betrokkenheid bestaan daarin dat hulle die piëtisme-dogma handhaaf en kategorie twee ("gewese p-persone") dat hulle die piëtisme-dogma voorheen aangehang het. Hierdie twee kategorieë persone se belewenis is nou ter sprake. Waar dit relevant is, word insette van kategorie drie deelnemers ("nooit p-persone nie") ook vermeld.

Die deelnemers wat in die eerste twee kategorieë ressorteer is aktiewe, meelewende lidmate van hul kerk. Almal is predikante, behalwe een deelnemer wat as 'n ouderling dien. Hulle is voorbeeldige persone wat hulle geloofslawe as positief en vervullend ervaar. Ofskoon kategorie twee persone i.v.m. die piëtisme-dogma van hul kerk nie meer die dogma aanhang ("glo") nie, veroorsaak dit nie 'n wysiging in die wyse waarop hulle nog steeds hul roeping en bedieningstaak soos kategorie een persone uitlewe nie.

Tema 1: Kerkverband

Soos te verwagte, is die eerste tema t.o.v. betrokkenheid by die piëtisme-vorm **kerkverband**. Daaruit vloei die subtema **dogma** voort: dit kan feitlik as 'n gegewe beskou word dat lidmate dít wat in hul genootskap verkondig word, sal aanhang/handhaaf as die ware leer. *Robert* sê dat hy in sy kerk "grootgeword" het en geen ander kerk (en **dogma**) ken nie. *Allan* het nadat hy tot bekering gekom het, 'n lidmaat van sy kerk geword. *Graham* het van 'n vroeë stadium in sy lewe (11 jaar) af met die betrokke piëtisme-vorm te doen gekry toe sy ouers lidmate van sy kerk geword het en hyself ook kort daarna in die kerk tot bekering gekom het. *Andrew* en *Edgar* het albei na bekering die kerk begin besoek en dadelik daarby aanklank gevind en lidmate geword. *Marko* het die eerste keer in sy kerk met die piëtisme-vorm te doen gekry, maar hy weet ook van ander kerke en bewegings waarin die **dogma** van opvolgende genadewerke te vinde is.

Tema 2: 2de Genadewerk

Die tweede tema van 'n **2de genadewerk** wat verkondig word, sluit aan by die **kerkverband** en die deelnemers is almal in hul kerk tot die piëtisme-vorm beweeg. Behalwe dat dit prominent in die algemene Woordverkondiging in die gemeentes figureer, dui *Marko* aan dat dié **genadewerk-dogma** veral baie ernstig by sy kerk se konferensies beklemtoon word. ("Konferensie" is die beskrywende term wat gebruik word vir godsdienstbyeenkomste. Soms vind dit plaas by afgeleë kampterreine.) *Robert* het by so 'n konferensie 'n "...oorgawe gemaak..." om die genadewerk te ontvang.

'n Subtema by die verkondiging van die 2de genadewerk, is die **ervaring** daarvan. In *Andrew* se geval was dit **positief**: hy het by die kweekskool van sy kerk aangevoel dat die Here hom "bekragtig" het. Dit het by 'n toewydingskonferensie met die aanvang van sy studie gebeur. In daardie stadium het hy sy godsdienst as "kragteloos" ervaar en tydens die konferensie die rede daarvoor gesoek. Hy het oortuig geraak dat hy eerstens die verkeerde dinge wat hy aan ander gedoen het, sal moet regmaak "...voordat...die Here die werk vir my sal doen." Hy het toe dit waarvan hy oortuig was, gedoen, en hy interpreteer die positiewe verandering in sy geloofslawe as 'n **2de genadewerk**. *Allan* sê dat daar by hom as 'n jong bekeerling "...'n begeerte en strewe [was] om rein te lewe. Toe daar aan ons vertel is dat daar iets soos 'n volheidlewe is, 'n **2de genadewerk** wat moet plaasvind na jou redding, het dit ons aangegryp."

Ander se **ervaring** was egter **negatief**. *Robert* het grootgeword "...in 'n omgewing waar dit nie net werke-georiënteerd was nie...[maar] waar jy sekere dinge moes beleef" en die baie prediking van die noodsaaklikheid van die **genadewerk**-ervaring waaraan hy blootgestel is, het hom dit as korrek laat aanvaar. Tydens sy jeug (ongeveer 'n jaar nadat hy tot bekering gekom het) het hy by 'n konferensie 'n oorgawe gedoen om die **genadewerk** te ontvang. Dit was vir hom opvallend dat feitlik niks van sy lewe verander het nie: "...[dit was] nie geweldig anders as wat dit was voor die tyd nie – maar ek het die "ondervinding" gehad!..." Hy was teleurgesteld en sê dit was vir hom "...amper [soos om] God se guns te verdien..." en daarna het dit hom so na antwoorde vir sy baie vrae laat soek dat hy van die Here vervreemd geraak het. In 'n stadium het hy selfs getwyfel of hy werklik tot bekering gekom het en naderhand was hy "...so besig met myself...om met jouself te redeneer..." dat "...die lees van die Bybel het vir 'n ou later amper 'n tipe van 'n klug geword." Die rede hiervoor was dat "...jy lees, maar jy verstaan nie meer regtig nie, want jy lees uit 'n bepaalde konteks, uit 'n bepaalde 'verstaan'." Later het hy besef "...die Skrif is uit verband geneem..." en dit het hom so verwar dat hy "...vertroue verloor [het] in die kerk en die manier van interpretasie van die Skrif." Hy het selfs "...op 'n stadium die uitlating gemaak dat predikante is leuenaars, want hulle sê een ding en hulle doen baiekeer iets anders..."

By albei opleidingsinstansies waar hy gestudeer het, is die opvolgende genadewerke-dogma baie ernstig beklemtoon en *Marko* het vanweë "...al daai vrae en vertwyfeling..." baie druk er-

vaar. Hy verwys in die verband na dié **dogma** as 'n "...quick fix' vir my probleem." Sy **negatiewe ervaring** het veral by die tweede vererger waar die groepsdruk deur mense wat oor die **genadewerk** getuig het, veroorsaak het dat hy minderwaardig gevoel en baie onsekerheid beleef het omdat "...ek [nie] kan saampraat nie..." Dit het veroorsaak dat hy aan skuldgevoelens begin ly het en "...ek het aan my redding begin twyfel...en in onsekerheid gelewe vir baie lank." Dit het as aansporing vir hom gedien om tot elke prys die genadewerk te bekom. *Allan* meld dat die **dogma** behels dat gelowiges "...n Kanaän-lewe...moet deelagtig word om sodoende van die ou mens, die inwonende sonde, verlos te kan word." Hy is baie verwar deur die **dogma** en omdat hy nie kon sin maak uit die preke wat hy daarvoor gehoor het nie, het hy dit derhalwe maar net aanvaar.

Die **negatiewe ervaringe** raak ook mense wat nie in die piëtisme-vorm verval het nie. *Christopher* het dit belewe dat piëtiste "...laai jou voel daar moet iets met jou fout wees...dit laat 'n mens baie verneder voel..." *Stephen* (wat eweneens nie in die piëtisme-vorm verval het nie) het gevoel dat hy nooit die **standaard** kan bereik wat verkondig word nie.

Tema 3: Onkunde

'n Derde tema wat duidelik uit die data na vore kom, is **onkunde** wat mense betrokke kan laat raak by piëtisme. **Onkunde** kan vele oorsake hê waarvan godsdienstige onbetrokkenheid een is. *Allan* en sy gesin het as lidmate van hul vorige kerk byna nooit kerk toe gegaan nie en dit het meegebring dat hulle baie min van die Bybel en godsdiens geweet het. Dit was omtrent dieselfde geval met *Edgar* wat, totdat hy tot bekering gekom het, nooit in 'n kerk gekom het nie. Sy ouers was skynbaar nie lidmate van 'n kerk nie of hulle het hom nooit na hul kerk toe geneem nie. Hy sê dat hy niks van die Bybel geweet het nie. Toe *Allan* en sy gesin en *Edgar* by hul huidige kerk lidmate geword het, het hulle feitlik vanselfsprekend by die piëtisme-vorm betrokke geraak. *Stephen* is oortuig dat "...dit uitsluitlik onkunde [is]" wat in sy kerk mense by die piëtisme-vorm betrokke laat raak.

Onkunde beïnvloed nie net lidmate nie, maar ook predikante. *Allan* het as gevolg van sy eie en moontlik sy predikant se **onkunde** "...baie frustrasie belewe..." want "[e]lke keer as so 'n boodskap gepreek is [oor die 2de genadewerk], was die hoop daar dat ons miskien nou alles sal verstaan...maar daar was net nooit volkome verlossing van die inwonende sonde nie." *Stephen* kritiseer die kweekskool van sy kerk wat 'n sekere generasie predikante nie opgelei het om hermeneuties met die Skrif om te gaan nie. Hy dra persoonlik hiervan kennis omdat hy self deel van dié generasie is wat "...nooit, nooit...op kweekskool die gereedskap gekry [het] om die Skrif te ondersoek of te verklaar of te interpreteer nie." Leraars se **onkunde** benadeel gevolglik die lidmate en hy vra "...hoe kan jy aan iemand anders verkondig wat jy self nie het nie?"

Die eerste subtema wat met **onkunde** gepaard gaan, is **naïwiteit**. Dit behels eerstens die **naïwiteit** van lidmate t.o.v. predikers en hul hantering van die Skrif. In hierdie verband deel *Robert*

mee dat predikante in sy kerk die meeste van die tyd as bo kritiek verhewe beskou (moet) word, want "...daar was vir jou geleer van kleins af die gesalfde van God raak jy nie aan nie, jy praat nie van die ou nie, jy sê niks van hom nie, al wat jy moet doen, is jy moet luister." *Edgar* sê "...naïwiteit is 'n verskriklike gevaarlike ding en piëtisme hou ouens naïef...die wêreld van 'n piëtis is eintlik 'n baie lekker wêreld...in daai wêreld is alles veilig...is alles 'cut and dried'." *Stephen* beskou lidmate se **naïwiteit** as 'n oorheersende faktor in hul betrokkenheid by piëtisme: "[m]ense het 'n baie hoë dunk van predikante en wat hulle sê is evangelie." Vanweë **onkunde** kan hulle nie self die Skrif ondersoek nie, dus "...[hoor] hulle maar..." wat verkondig word en aanvaar dit onnadenkend, want "...of dit [die **genadewerk**] in jou lewe uitwerk of nie, dit klink of dit sin maak, want die voorgangers...dis met oorgawe wat hulle dit verkondig en of dit werk of nie, dis vir jou aanvaarbaar."

Naïwiteit is ook 'n belangrike faktor by die opleiding van leraars. Ofskoon *Marko* se leermeester tydens sy opleiding nie bevredigende antwoorde op sy vrae kon verstrek nie, het hy dit wat vir hom gesê is, maar "...aanvaar as komende van my meerderes, ouens wat al baie meer ervaring en kennis as ek het, en miskien is hulle reg..." Toe hy in die bediening oor die piëtismevorm van 'n **2de genadewerk** en sy betrokkenheid daarby begin besin, het hy egter besef dat hy ondeurdag "...ook maar net gesluk [het] wat vir my gesê was...ek dink 'n mens eet maar alles soos soetkoek op." *Graham* het feitlik dieselfde uitspraak gehad.

Die **onkunde** en **naïwiteit** hou ook verband met 'n tweede subtema van **onkunde**, naamlik **entoesiasme**. Veral pasbekeerde mense en nuwe lidmate kan in/deur dié **entoesiasme** meegevoer word, en so was *Graham* kort nadat hy op 11-jarige ouderdom tot bekering gekom het, baie beïndruk deur die **verkondiging** van die "...Egipte, Woestyn en Kanaänslawe van die volk Israel [wat 'n] groot indruk by my gemaak [het] en ek het per geleentheid die Here vir 'n 'rein hart' of **2de genadewerk** vertrou."

Edgar se storie bied ook 'n sprekende voorbeeld van die **entoesiasme**: hy was as 'n 16-jarige kort na sy bekering "...so uitverkoop aan die Here, 'n Jehovah-getuie kon aan my enige ding verkoop het..." (Met "uitverkoop" bedoel hy so besiel dat hy enigiets en alles sou aanvaar ["koop"] en doen.) Omdat hy so geesdriftig was om reg te lewe "...sou [ek] in Checkers loop en koortjies [geestelike liedere] hardop sing ...ek het gedink dis wat ek moet doen." *Christopher* beskryf die **entoesiasme** soos volg: "...[om] die Here te behaag...om meer en beter Christen te wees...om die Here met jou hele hart te dien..."

Onkunde kan toegeskryf word aan die feit dat mense godsdienstig onbetrokke was (soos *Allan*-hulle) of geen kontak met die Bybel gehad het (soos *Edgar*), voordat hulle lidmate by hul kerk geword het en waar hulle aan die piëtisme blootgestel is. Die **onkunde** kan egter ook by mense heers wat godsdienstig aktief is en die Bybel gereeld lees. *Amanda* is in die verband oortuig dat iemand se onwilligheid om die Bybel intelligent te lees of dit eksklusief lees, is te blameer vir

hul **onkunde**. Dit sluit aan by *Robert* se stelling dat mense die Bybel vanuit 'n bepaalde konteks "verstaan" of lees en gevolglik nie reg kan verstaan nie.

Uit die verkreeë data blyk dit dat **mistisisme** 'n derde subtema by **onkunde** is. *Amanda* skryf die eksklusivisme t.o.v. die lees van die Bybel en derhalwe die **onkunde** daaroor toe aan die mistiese standpunt wat vele huldig dat "...die Heilige Gees kan hulle [gelowiges wat so met die Skrif omgaan] alleen die insig [in die Skrif] gee." *Robert* staan baie krities teenoor die mistisisme en sê dat mense ander daardeur manipuleer: "[I]emand vir wie daar in die Skrif 'n gedeelte 'oorgegaan' het en hy sodoende mense se aandag wil kry...gebruik dit as 'n metode om mense te manipuleer." Hy verwys na iemand wat sê "...die Here het vir my gesê..." en dan praat die persoon van iets soos 'n motorenjin se oliepeil wat te laag is of dat hy geprikkel gevoel het om 'n spesifieke plastiek wasbalie te koop. *Robert* meen mense doen dit om "...voor 'n gehoor geestelik te klink...maar as jy saam met die persoon begin lewe dan kom jy agter iewers is daar 'n probleem, want die Here behoort vir hom te sê daar's fout in sy lewe ook met sy optrede teenoor mense."

'n Vierde subtema wat by **onkunde** aansluit, is **tradisie**. Gehegtheid aan (hul) **tradisie** laat mense by piëtisme betrokke raak/bly. *Amanda* meen "...hierdie mense is oningelig, want hulle weier om ander mense se sieninge ook te lees...hulle bly oningelig, hulle is nie bereid om, kan ek sê, 'n bietjie oopkop te word nie." Sy skryf dat "...hierdie **tradisie** raak vir hulle belangriker as die Woord...die groot probleem hier is TRADISIE, 'n vloekwoord!" Betreffende die kerk se tradisie skryf sy verder dat mense se sienswyse van "...ons doen dit dan nou al soveel jare so, wat is dan eintlik verkeerd?'..." "...het al vele gemeentes laat skeur en mense weggedryf, maar tog wyk hulle nie hiervan af nie."

Tema 4: Standaard

Die vierde tema van 'n **standaard** van lewensheiligheid waaraan gelowiges moet voldoen, figuur prominent in die piëtisme-dogma. *Christopher* bring die sogenaamde Kanaän-lewe in verband met die **standaard** van heiligmaking wat verkondig word en sê "[d]aar moet 'n persepsie wees dat die standaard wat gehoorsaam moet word, God se standaard is, maak nie saak of daardie persepsie geldig is of nie." *Amanda* meen die **standaard** is deur mense daargestel en *Christopher* sê verder wanneer iemand in sy persepsie volgens die **standaard** optree, dan bewerk "...die gehoorsaamheid aan hierdie standaard ook die salige gevoel van sekerheid van saligheid – godsdiens word nou 'n gevoel wat die piëtis ervaar..."

'n Subtema **uiterlike dinge** vorm deel van die piëtistiese **standaard** wat verkondig word. Vrouelidmate word veral veroordeel oor dinge soos 'n langbroek of grimering en *Edgar* stel: "...hierdie sogenaamde heiligheidsleer het baie sterk gefokus op uiterlike sonde...ek was uitverkoop gewees dat 'n vrou mag nie 'n langbroek dra nie...grimering is sonde, ek het dit geglo, heeltemal...ek het tot my meisie aangespreek as sy dit gedoen het..." Ofskoon mense die

standaard handhaaf, het *Amanda* bevind dat diegene wat dit so rigied doen nie eg is nie: "...hierdie geweldige, kan ek sê heilige, skoon mense...dit wat jy sien is nie werklik wat hulle altyd is nie." *Robert* vertel dat vroue in die gemeente waar hy saam met sy ouers was na 'n reeks dienste waartydens daar op hierdie dinge klem gelê is, getuig het hoe "...diep geraak...oortuig..." hulle van dié dinge was, maar na verloop van enkele maande "...lyk hulle erger as voor die oortuiging gekom het..." Dit het by hom 'n verset laat ontstaan teen die gewoonte om vrouens altyd negatief te teiken "...terwyl daar nooit na die manne verwys is nie." *Marko* beaam die feit dat vroue hoofsaaklik geteiken word en hy sê: "...die arme vrouens het vreeslik slae gekry op die konferensies en die manne het altyd ongeskonde daarvan afgekome."

Alhoewel vrouens hoofsaaklik aan die **standaard** onderwerp word, word mans ook daardeur geraak. *Robert* vertel van 'n jeugkamp waar die persone in beheer tot groot vermaak van ander jongmense gespot het met jongmans omdat hulle 'n haardroër gebruik het: "...hoe van die pad af en hoe boos hulle is... [a]mper 'n tipe van ding dat as jy 'n haardroër gebruik, dan is jy eintlik nie 'n kind van God nie...dan is jy eintlik skeef..." (skeef: homoseksueel). *Edgar* verwys in dieselfde verband na die kweekskool waar hy gestudeer het dat "...jy [is] heeltyd veroordeel, jou hare is te lank...jy weet die ding dat jy mag nie eers 'n kortbroek op die terrein gedra het nie..."

Ofskoon sommige dit ontken dat dié **uiterlike dinge** belangrik is in heiliging, stel *Marko* egter dat dit spesifiek daarom gaan, want tydens sy opleiding het hy ervaar dat "...wanneer daar gepraat was in 'n klassituasie oor 'gaan dit regtig oor hierdie goed', dan was dit vir jou gesê 'dis juis waarom dit gaan'."

Samevatting

Die data bevestig dat 'n piëtistiese dogma oor 'n opvolgende genadewerk prominent in die deelnemers se kerkverband figureer en onskeibaar deel van die kerk se tradisie is. 'n Standaard word voorgehou asof dit 'n Bybelse standaard is en dit is voor die hand liggend dat lidmate dit sal najaag. Die genadewerk word as noodsaaklik in die verkondiging beklemtoon om die standaard wat vir heiligmaking gestel word, te kan bereik/nakom.

Uit die data kom dit na vore dat mense wat onlangs tot bekering gekom het of nuut by 'n piëtistiese geloofsbeweging aangesluit het, aangetrokke kan voel tot die piëtisme-vorm. Sulke nuwe lidmate kan by die piëtisme betrokke raak vanweë onkunde, naïwiteit en entoesiasme. Die leer- en verkondiging-tradisie kan veroorsaak dat lidmate moontlike eksterne invloede uitsluit as dit volgens hul kennis nie steek hou met wat hulle in hul kerk hoor en glo nie. Dit kan selfs meebring dat dié dogma en tradisie vir hulle belangriker as die Skrif word. Dit blyk ook uit die data dat onkunde en die tradisie die opleiding van leraars beïnvloed. As hulle nie effektief opgelei word om teologies geïnformeer/hermeneuties verantwoord met die Skrif om te gaan nie, word die lidmate benadeel en kan hulle by piëtisme betrokke raak.

Wanneer iemand volgens sy persepsie die genadewerk bekom het, d.w.s. dat hy volgens die verkondiging-terminologie van inwonende sonde verlos is, kan dit 'n saligheidsgevoel meebring en vorme van mistisisme kan selfs vir 'n piëtis sy godsdiens word.

Die data laat blyk dat die tradisionele standaard wat by heiligmaking voorgehou word, meestal oor uiterlike dinge handel. Ofskoon mans nie heeltemal uitgesluit is nie, is dit veral vrouelidmate wat aan so 'n heiligheidstandaard moet voldoen. Gelowiges is vanweë naïwiteit en onkunde entoesiasties om die standaard te gehoorsaam en ofskoon sommige die piëtisme-vorm positief ervaar, het ander 'n uiters negatiewe ervaring daarvan wat minderwaardigheidsgevoelens, onsekerheid en frustrasie meebring as iemand ten spyte van die genadewerk nie die verkondigde sondeloosheid bereik nie.

Uit die empiriese resultate kan dit *eerstens* in die lig van die basisteorie aangedui word dat die bykomstige, opvolgende genadewerk wat as 'n vereiste vir die "standaard" verkondig word, nie Skriftuurlik verantwoord is nie. Die piëtisme-vorm is onversoenbaar met die Skrifopenbaring oor die algenoegsaamheid van Christus, die Versoening en die werk van die Heilige Gees. Terwyl iemand kan glo dat so 'n genadewerk wel bestaan, is dit egter duidelik uit die resultate van 'n deelnemer wat homself beskou as iemand wat so 'n genadewerk ontvang het, dat lewensheiligheid in iemand se lewe voortgaan eers wanneer 'n gelowige aan die Woord gehoorsaam word.

Tweedens bring die beklemtoning van 'n genadewerk vir individue mee dat gelowiges vanweë onkunde by die piëtisme-vorm betrokke kan raak. Die Skrifgegewens oor sonde en heiligheid soos dit in die basisteorie weergegee is, word nie gekommunikeer nie. Dit spruit voort uit die opleidingsopset van leraars waarin die piëtisme-vorm en tradisionele verkondigingsinhoude as baie belangrik geag word en dus die manier waarop die Skrif hanteer word, beïnvloed.

Derdens kan aangedui word dat die individualisme wat inherent in 'n 2de genadewerk heiligmaking aanwesig is, 'n negatiewe uitwerking op gelowiges se uitlewing van die liefdesgebod teenoor hulle naaste het, wat in stryd is met die Bybelse voorskrifte daarvan.

4.4.2 Waarom iemand nie by hierdie vorm van piëtisme betrokke raak nie

Die kategorie "nooit p-persone nie" is hier ter sprake. Tersaaklike insette van deelnemers in die ander twee kategorieë is ook gebruik.

Die deelnemers (uitgesonderd *Amanda*) in hierdie kategorie is dienende leraars in hul kerk waarin die ter sake piëtisme voorkom. *Amanda* is 'n aktiewe lidmaat in 'n leidende posisie. Ofskoon hulle nie (volgens die vereiste van hul kerk) die dogma van die opvolgende genadewerk aanvaar of so-iets nastreef en verkondig nie, beleef hulle hul geloofslawe as vervullend en in hul bediening dat dit aan al hul verwagtinge voldoen. Ten spyte van die piëtistiese tendense waar-

van hulle in hul genootskap omring is en die beklemtoning van 'n "unieke boodskap", het die feit dat hulle nie die verkondigde 2de genadewerk aanvaar of ontvang het nie, geensins 'n uitwerking op hul geestelike ywer en toewyding aan die Here in sy diens nie.

Tema 1: Waar iemand tot bekering kom

Die eerste tema wat by die vraag waarom deelnemers nie deur hierdie vorm van piëtisme ingetrek is nie na vore kom, is **waar iemand tot bekering gekom het**. Uit die terugvoer van *Amanda* en *Christopher* blyk dit dat albei in hul vorige kerke tot bekering gekom het. *Amanda* het meer as tien jaar nadat sy in haar vorige kerk ('n gereformeerde instelling) tot bekering gekom het by haar huidige kerk (waar sy met piëtisme te doen gekry het) aangesluit. *Christopher* het as 'n 15-jarige seun in sy vorige kerk tot bekering gekom en waar hy van meet af aan in die gereformeerde tradisie getoë is. Dit het meegebring dat hy nie by die piëtisme in sy huidige kerk betrokke geraak het nie. *Stephen* het in sy kerk grootgeword en as 'n 16-jarige seun tot bekering gekom, maar hy is vanweë verskeie redes (wat verderaan aangedui word) nie deur die piëtisme beïnvloed nie.

Tema 2: Wyse waarop piëtisme uitgeleef word

'n Tweede tema wat na vore kom, is die **wyse waarop piëtisme uitgeleef word**. Die subtema **gesindhede** sluit direk hierby aan. Dit blyk veral uit *Stephen* se ervaring: mense wat die dogma baie sterk ondersteun en ook bely het dat hulle 'n opvolgende ("tweede") genadewerk ontvang het, se optrede het hom baie gepla. Sy stelling "[i]n my geval het ek onheilige gesindhede en optrede by talle sogenaamde heiliges opgemerk wat tot groot verwarring gelei het" illustreer waarom daar by hom 'n afkeer in die piëtisme-vorm ontstaan het. Hy verwys na 'n treffende (maar eintlik amusante) voorval tydens 'n genesingsdiens wat hy as jong gelowige bygewoon het: 'n groep predikante bid op die beurt af vir mense wat sit en wag vir gebed. Hy het die verloop skelmpies dopgehou en gesien hoe persone plekke geruil het sodat 'n sekere predikant nie vir hom/hulle sou bid nie en hy sê daarvan "[d]ie goed het nie vir my sin gemaak nie."

Ofskoon hy van sy kinderdae af blootgestel is aan die prediking en piëtistiese invloede in sy kerk, het *Stephen* vanweë die **gesindhede** en gepaardgaande optrede wat hy by piëtistiese leraars en lidmate wat eintlik rolmodelle moes gewees het bemerk het, reeds in 'n vroeë stadium 'n ewewigtige lewensbeskouing en -benadering oor die piëtisme ontwikkel. Dit het hom beveilig en as jong gelowige en daarna teologiestudent bedag gemaak op die **wyse waarop piëtisme uitgeleef word**. Hiervan sê-vra hy: "...hoe kan jy hom glo as hy op die kansel staan ...terwyl sy optrede van die kansel af alles behalwe Godvererend was?"

Ongeloofwaardigheid is 'n tweede subtema van die **wyse waarop piëtisme uitgeleef word**. *Amanda* sê sy het die Bybelse standaard vir toewyding en heiliging in haar **vorige kerk** geleer. In haar huidige kerk word baie gepraat oor 'n "**standaard**" van geestelikheid of heiligheid, maar sy het waargeneem dat die leraars wat dit verkondig en lidmate wat dit voorstaan, **ongeloof-**

waardig is. Hulle leef nie die/hulle verkondigde "heiligmaking" uit nie: "...volgens hulle is hulle hierdie 'Christene' maar...dit wat jy sien is nie werklik wat hulle altyd is nie." *Marko* sê in dieselfde verband: "...dieselfde mense wat so 'n verskriklike uiterlike vertoon maak, van hulle dra baie preutse kleredrag en al daai soort van dinge, maar hulle hart is vol veroordeling en daar's nie liefde nie...waar, hoe kom dit bymekaar?"

'n Derde subtema is die **reëls** wat voorskriftelik verkondig word. Dit sluit aan by die subtema van **uiterlike dinge** waarna verwys is. *Amanda* beskryf die heiligmaking-reëls oor vroue se kleredrag en voorkoms ("...die sykouse en grimering...") as 'n "gepak" (die pakke reëls en wetten is die "**standaard**" wat nagekom moet word ten einde heilig te lyk). Sy het persoonlik ondervind dat lidmate deur die "gepak" van haar huidige kerk af weggedryf is en weggedryf word en sy verwys na iemand wat "...nie in die kerk wil sit en skuldig voel oor sy nie 'n hoed op het of [nie] sykouse aan het [nie] of grimering; sy wil kerk toe kom om kos vir haar siel te kry...[d]ie persoon het van gemeente verander omdat haar predikant 'n piëtis is."

'n Vierde subtema van die **wyse waarop piëtisme uitgeleef word**, is **onverdraagsaamheid**. *Christopher* ervaar dat baie piëtiste die beskouing huldig dat God eenvoudig nie kan wag om iemand te straf wat volgens hulle verkeerd gedoen het nie. Dit spruit voort uit hoe hulle God "verstaan" en hy verwoord dit dat God volgens hulle ander gelowiges met 'n "...harde oog..." dophou. *Marko* het dit ervaar as "...verskriklik wetties, verskriklik veroordelend, daar's nie by hulle 'n sagtheid en 'n liefde nie...daar's 'n uiterlikheid van godsdienstigheid en 'heiligheid', maar die vrug wat 'n mens werklik soek, van die Gees...dinge soos sagmoedigheid en vrede en die dinge, dis dinge wat ek net nie gesien het nie." *Robert* sê dat "...'n geweldige skuld las op mense gelaai word...ek dink die klem het gelê op die vrees i.p.v. die genade wat ons reeds ontvang het." Die onverdraagsame, selfs haatlike optrede van leraars wat so preek, het "...naderhand begin om 'n weersin in my hart te wek..." veral "...as jy hoor wat hulle te sê het oor ander mense, hulle optrede teenoor mense en die haat wat baie keer in hulle hart is na vore kom." Hy skryf piëtistiese leraars en lidmate wat ander mense slegsê wat nie hulle sienswyse oor heiligheid deel nie, se optrede direk toe aan die **onverdraagsaamheid**.

Uit die data blyk dit verder dat die **onverdraagsaamheid** ook verantwoorde teologiese besinning aan bande lê. *Edgar* het ervaar dat hy tydens sy opleiding nie teologies-eerlik en/of verantwoord oor die Bybel kon dink nie want "...die Bybel het mos uit die hemel uit geval, klaar geskryf...God het die Bybel vir Moses gedikteer...enige ou wat nie so gedink het nie, het 'n dwaalleer." Hy het egter in 'n vroeë stadium van sy opleiding "...begin om wyer te lees, wyer te dink", maar is die swye deur van sy leermeesters opgelê. Hy is verbied om in klasse vrae te stel en vermoed dat sy breër kennis "...vir hulle alles 'n hengse bedreiging gewees [het]..." Dit het meegebring dat hy "...in my eerste jaar voorwaardelik oorgeplaas [is]...dat ek in my tweede jaar my bek sal hou...jy mag nie dink nie, jy mag nie praat nie – dis stremmend, hierdie goed."

Die subtema **tradisie** wat vroeër vermeld is (vergelyk 4.4.1), speel ook by die **onverdraagsaamheid** 'n rol. As iemand nie met die **tradisie** saamstem nie, veroorsaak dit wrywing selfs in die mate dat so 'n persoon as 'n "...vyand van die kruis" uitgemaak sou word (*Christopher*). *Christopher* sê verder dat daar so 'n algehele **onverdraagsaamheid** oor enige verskil van, en die handhawing van die **tradisie** en leer bestaan dat aanhangers nie sal skroom "...om so 'n persoon [wat verskil] weg te werk en karakter-moord te pleeg..." nie. Dié tendense veroorsaak selfs, soos *Christopher* dit verwoord, dat teologiese voorgangers die Skrif in/deur hul uitleg "herskryf" om die betrokke piëtisme-dogma te staaf en so die **tradisie** in stand hou. *Marko* sê van dié hantering van die Skrif "...daar's roekeloos met sekere Skrif-gedeeltes en allegorieë omgegaan om die punt van hartsreiniging behoorlik huis toe te dryf..."

Samevatting

Dit kom uit die data na vore dat 'n grondige gereformeerde leer, soos in die geval van lidmate wat in hul vorige kerk tot bekering gekom het, daartoe meewerk dat persone nie betrokke raak by die piëtisme-vorm nie. Dit is duidelik dat die ongeloofwaardige wyse waarop dié piëtisme-vorm deur piëtistiesgesinde leraars en aanhangers van die genadewerkdogma uitgeleef word, iemand daarop bedag kan maak en hom/haar daarvan kan weerhou.

Terwyl 'n sogenaamde Bybelse standaard vir toewyding in uiterlike reëls gestel word, sit dit mense af en dit kan iemand van die kerk vervreem. Die "onheilige gesindhede" waarmee piëtistiese gelowiges andere kan bejeën en op 'n onverdraagsame wyse behandel, bring 'n weersin teen so 'n godsdiens-vorm mee by lidmate wat dit kan identifiseer. Uit die data blyk dit ook dat fundamentalistiese perspektiewe oor die Skrif en die handhawing van 'n tradisie, verantwoorde teologiese denke kortwiek.

Vanuit die data kan dit *eerstens* aangedui word dat daar teenoor mense wat onkundig is (bv. nuwe lidmate) 'n groot etiese verantwoordelikheid op 'n kerk rus. Dit vereis 'n eerlike en deursigtige, geloofwaardige uitleef van die belydenis van geloof om (bv.) nuwe lidmate nie te verwar of deur onverdraagsaamheid te vervreem nie. Die duidelike uitleef van die Bybelse voorskrifte dat gelowiges God, mekaar en ander mense moet liefhê staan direk teenoor die "onheilige gesindhede" en die onverdraagsaamheid waarmee piëtisties gesinde mense ander kan bejeën.

In noue samehang hiermee kan dit gestel word dat dit *tweedens* noodsaaklik is dat die Skrif tot sy reg in 'n geloofsgemeenskap moet kom. 'n Hermeneutiese integriteit jeens die Skrif mag nooit geringskat of veronagsaam word nie, en leraars moet daarop ingestel wees om deeglike, wetenskaplik verantwoorde eksegeese van die Skrif te doen. Die doelstelling daarvan moet wees om gelowiges reg en voldoende te bedien sodat hulle in ware lewensheiligheid in verhouding met Christus en medemense kan lewe, en hulle in toewyding en geloof te versterk ten einde teen dwaling te beskerm. Die beste plek om dit te (begin) doen is in die opleiding van leraars.

4.4.3 Waarom iemand in hierdie vorm van piëtisme bly

Die logiese vertrekpunt om hierdie vraag te beantwoord is om die antwoord te verneem van iemand wat onder hierdie kategorie ressorteer ("huidige p-persone"). Die data van deelnemers in die kategorie "voorheen p-persone" bied bykomende inligting om die temas en subtemas te kan toelig. Alhoewel deelnemers in die kategorie "nooit p-persone nie" streng gesproke net hipoteties insette sou kon lewer, is die ervaring wat hulle in die bediening opgedoen het van mense wat by piëtisme betrokke is, eweneens waardevol. Laasgenoemde groep persone se hipotetiese insette sal laaste aangebied en afsonderlik bespreek word.

Tema 1: Sekerheid van die ervaring van die 2de genadewerk

Die eerste tema wat na vore kom, is die **sekerheid** wat iemand aangaande die **ervaring** van die **2de genadewerk** koester (wat die kern van die ter sake piëtisme-vorm is). *Andrew* is daarvan oortuig dat hy die **genadewerk** wat verkondig word, ontvang het. Hieroor vertel hy: "...dit is op 'n spits gedryf met 'n konferensie by ons kerk se kweekskool waar ek maar eenvoudig in die gebedskamer gegaan het en die aangesig van die Here daar gesoek het. Toe het daar dinge gebeur wat vir my gewys het ek moet eers 'n paar dinge in my lewe regstel as kind van die Here, voordat die Here vir my die werk sal doen. En ek het toe dit wat ek oortuig van geraak het, reggestel en 'n stille versekering wat die Here in my hart gebring het...hy het dit bevestig in die woorde van Fil. 1:21 'vir my is die lewe Christus en die sterwe wins'...." Hy skryf die feit dat hy as predikant dien, aan die **genadewerk** toe: "[d]it het uiteindelik, glo ek, die rede geword waarom ek in voltydse diens staan." Hy sê verder dat hy nie omgee vir sy lewe voordat hy (volgens hom) die tweede genadewerk ontvang het nie en gewis nie sy vorige lewe wil terughê nie.

Tema 2: Nie van iets anders oortuig nie

'n Tweede tema is dat iemand **nie van iets anders oortuig** is nie. Ofskoon *Graham* 'n mate van onsekerheid oor die dogma van 'n **genadewerk** koester en self al "...gevoel [het] of 'n mens nooit daarby [die sondelose lewe] sou uitkom nie..." aanvaar hy egter dat die kerk reg is. 'n Subtema van **lojaliteitgevoel** kan hier aangedui word: *Graham* is lojaal jeens sy kerk – hy wil nie die dogma kritiseer nie en hy wil hom nie daarvan wegkeer nie, maar koester eerder die hoop "...as die leer van die kerk verkeerd is [dan sal] die Here ons tot die regte insig bring."

Dat die Here iemand inderdaad tot 'n ander insig bring, spreek uit *Robert* se ervaring. Hy het vrygeraak van die vorm van piëtisme, maar is egter pessimisties oor die moontlikheid dat mense wat die leer baie sterk voorstaan, tot verandering oorgehaal kan word. Hiervan sê hy: "...oortuig gaan jy hulle nie oortuig nie...", maar glo desnieteenstaande dat as die Heilige Gees iemand oortuig, dan kan hy vry raak.

'n Tweede subtema is dat iemand so in die geloofsgemeenskap **gevestig** geraak het dat verandering baie moeilik sal wees. *Robert* se stelling dat piëtiste slegs deur die oortuiging deur/

van die Heilige Gees sal verander, is hiervan 'n aanduiding. *Edgar* is uitgesproke in sy mening dat gevestigde piëtiste baie moeilik daaruit sal vrykom en hy sê: "[e]k dink in die eerste plek, dat ...na alles wat Jesus gedoen het, het hy op 'n stadium gesê 'glo my dan...as julle my nie wil glo vir wie ek is nie, glo my ten minste vir wat ek doen' en nog steeds het hulle hom gekruisig. So, ek wil regtig sê daar's ouens wat nie daar gaan uitkom nie, al stuur God 'n engel uit die hemel. Dis my eerlike mening."

Tema 3: 'n Geslote godsdienssisteem

Die derde tema is dat 'n piëtistiese beweging 'n **geslote godsdienssisteem** kan wees. Hier is die subtema van **tradisie** weer ter sprake en die erns oor (en van) die geslotenheid spreek uit *Robert* se insiggewende stelling dat dit veiliger is om liever die kerk se **tradisie** te verkondig: "...dis baie makliker om te preek wat broer A, B, of C gesê het...tradisionele verkondiging is baie makliker en dis baie veiliger." *Graham* se belewenis tydens sy teologiese opleiding spreek ook hiervan as hy sê "...'n ou [is] maar bekommerd, 'n ou is maar versigtig en ek dink dis maar deel van 'n ou se...van 'n mens se agtergrond dat ons geleer is dat...jy bevraagteken nie ander ouens, 'groter mense' se sienswyse nie."

Tema 4: Positiewe ervarings

'n Vierde tema is die **positiewe ervarings** wat gelowiges in 'n piëtistiese geloofsgemeenskap kan hou. Die eerste subtema hiervan is dat iemand godsdienstige **euforie** kan beleef. *Marko* beskryf dit as: "...jy's doer op die wolke, jy's op 'n geestelike vlak waar jy amper 'untouchable' is vir versoeking en daai tipe van dinge, so dit word...dis eintlik 'n illusie wat geskep word, die spreekwoordelike 'pie in the sky' wat vir jou geskets word: jy's nie veronderstel om nou meer aan versoekings toe te gee nie." Hy sê dat alhoewel hy "...dit nooit verstaan [het] dat ek is nou perfek en ek is nou volmaak nie, moes [dit] baie naby daaraan gewees het."

'n Tweede subtema is die moontlikheid dat piëtisme iemand kan **verslaaf**. *Marko* stel dat baie gelowiges 'n "...geestelike 'high'..." tydens die kerk se konferensies beleef. Hy vertel: "...daar word jy van vroeg vanoggend tot laat vanaand word jy gepréék...ten minste 5, 6 byeenkomste per dag waar daar by elke boodskap baie sterk gepreek is, baie sterk uitnodiging gemaak word ...daar word soveel druk in daai konferensie gelaai..." *Edgar* interpreteer dié ervaring en die effek van hierdie soort godsdiensoptrede vanuit sy beradingsagtergrond. Hy vergelyk dit met dwelmverslawing wat iemand van die realiteit kan vervreem. Dit bied ontvlugting aan mense en hy sê dat net soos dit vir 'n verslaafde "...baie aangenaam is om op 'drugs' te wees..." skep piëtisme vir die mense wat daaraan verslaaf raak "...'n wêreld wat nie regtig bestaan nie...die persoon wat daarbinne leef besef nie dit vorm eintlik amper 'n dwelm, dis amper meer of iemand verslaaf is, op dwelms is... 'n dwelm vat jou uit die werklikheid uit en hy skep 'n wêreld waar jy die wonderlikste goeters sien" (vergelyk met *Marko* se stelling oor 'n geestelike illusie wat geskep word, "...die spreekwoordelike 'pie in the sky' wat vir jou geskets word").

'n Derde subtema by **positiewe ervarings** is 'n **gevoel van verhewendheid**. Wanneer mense volgens hul persepsie van hulself "...bokant sonde leef..." kan selfverheffing stellig verwag word – *Allan* verwys in verband hiermee na iemand wat meen hy is al "...so 70% soos Christus..." So-iets kan aanleiding daartoe gee dat gelowiges 'n "geestelike high" kan beleef (aldus *Marko* se informasie oor konferensies).

Tema 5: Negatiewe ervarings

Teenoor die tema van **positiewe ervarings** staan die vyfde tema van **negatiewe ervarings**. Die 70% vergelyking met Christus het vir *Allan*, ofskoon hy die piëtisme-dogma aanvaar, so gefrustreer dat dit hom moedeloos oor sy eie lewe gemaak het. Hy het uiters minderwaardig gevoel, want hy kon eenvoudig nie kom waar ander sê hulle is nie. *Marko* het homself ook dikwels vergelyk met "...ander ouens wat baie toegewyd lyk en baie vroom lyk en op die oog af nie die st-yd ervaar wat jy ervaar nie..." Hulle getuig "...met soveel gemak en oortuiging...dan wonder jy waar het ek 'opgeslip', ...en dan kom jy weer by die selfveroordeling, ek is net nie goed genoeg nie..." Die uitwerking hiervan is dat iemand maar aanhou probeer met die hoop dat hy eendag wel die verkondigde **standaard** sal bereik.

Alhoewel "nooit p-persone nie" nie vanuit hul eie godsdienstebeleving praat waarom iemand in hierdie vorm van piëtisme sou bly nie, lewer hulle vanuit eerstehandse bedieningsondervinding insette uit die praktyk. Hulle hipoteses word vervolgens bespreek.

Tema 6: Onverantwoorde Skrifgebruik kan mense by piëtisme betrokke laat bly en "eksege-se" wat uit 'n piëtistiese vertrekpunt gedoen word, laat dié gelowiges aanvaar dat dit reg is. In dié soort "eksege-se" gebeur dit soos *Christopher* dit uitdruk, dat teologiese voorgangers selfs die Skrif kan "herskryf" om hulle dogma te dien. Hiervan sê hy dat 'n piëtis in sy "...ervarings-raamwerk ...die oorspronklike waarheid van die Skrif vir moderne verstaansomstandighede [vertaal]." Die rede hiervoor is "...die ervaring word die dogma...die ervaring van die individu verklaar wat die Skrif bepaal..." Dit sluit aan by dit waarna *Robert* verwys as hy sê dat die dogma dit meebring dat iemand die Bybel "...uit 'n bepaalde konteks, uit 'n bepaalde 'verstaan'" lees (en gevolglik ook dan so sou verkondig).

Die **geslotenheid van die godsdienste-sisteem** waar gelowiges nie blootgestel word aan ander dogma en verkondiging nie, kan mense ook in piëtisme laat bly. *Stephen* is "...van oortuiging dat mense nooit hiervan [piëtisme] sal loskom tensy hulle ander blootstelling ervaar nie." 'n Negatiewe faktor wat hiertoe bydra, is mensevrees wat kan ontstaan bv. weens die **onverdraagsaamheid** (of harde heiligheid) van piëtistiese leiers. *Stephen* meen dit "...is die groot rede waarom sommige mense daarin volhard, dikwels teen hulle eie beterwete."

Die **positiewe ervarings** vind by piëtiste uiting in die subtema **geestelike trots**. *Christopher* verwys hierna as die "...beter as jy..." gevoel en hy sê "[h]ierdie gevoel word **verslawend** en bewerk 'n sin vir bestaansreg en goeie selfbeeld." Vanweë **geestelike trots** het hy dit van pië-

tistiese persone ervaar dat hulle, omdat hulle sogenaamd nie meer deur inwonende sonde ge-teister word nie, vanuit dié "... gearriveerde posisie..." hoogmoedig neersien op ander. Hy skryf "...hoe "heiliger" hierdie persoon word, hoe meer "reg" gee dit vir hom/haar om andere tereg te wys, te veroordeel, te verwerp en weg te jaag...hulle dink dat hulle vir God 'n guns bewys...dit verskaf 'n gevoel van mag en oorheersing." Hy het selfs ervaar dat piëtiste 'n "...sadistiese ver-genoeegdheid..." kan put uit die perfektheid wat iemand (volgens sy beoordeling van homself) bereik het. Dit veroorsaak dat ander mense met **onverdraagsaamheid** bejeën word. *Christopher* spreek van dure ondervinding en hy beskryf sodanige optrede van die aanhangers van dié vorm van piëtisme as "...absoluut walglik."

Samevatting

Dit blyk uit die data dat iemand wat in piëtisme gevestig is, beswaarlik sal verander. 'n "Erva-ring" van die genadewerk wat verkondig word, kan meewerk dat iemand glo dit bestaan werklik, asook die feit dat diegene wat daarby betrokke bly, nie van iets anders oortuig is nie. Dit bring mee dat gelowiges so in 'n geslote godsdienssisteem gevestig kan raak dat hulle nie ander godsdienstige invloede kan beleef nie vanweë onverantwoorde Skrifgebruik wat hulle die Skrif net in hulle konteks laat verstaan.

Positiewe ervarings soos godsdienstige euforie kan 'n tipe verslaafdheid veroorsaak en gevoe-lens van godsdienstige verheewendheid en geestelike trots by persone laat ontstaan. Uit die da-ta blyk dat negatiewe ervarings ook by die "huidige p-persone" bestaan wat kan meebring dat iemand maar sal aanhou probeer om die verkondigde standaard te bereik. Die onverdraag-saamheid binne die geslote sisteem kan weens mensevrees ook meebring dat iemand 'n pië-tisme-vorm nie verlaat nie.

Met verwysing na die basisteorie kan dit *eerstens* aangedui word dat die "ervaring" van 'n "ge-nadewerk" nie die genadewerk bevestig nie. As die "ervaring" van 'n deelnemer wat meen dat hy werklik 'n 2de genadewerk ontvang het neutraal en analities beoordeel word, blyk dit dat hy gehoorsaam was om te doen wat die Skrif sê en waarvan hy deur die Heilige Gees oortuig is, naamlik om sonde/s wat hy teen ander mense begaan het, te versoen.

Vervolgens sou 'n lojaliteitsgevoel jeens 'n kerk, hoe bewonderenswaardig dit ook al is, nie 'n onverantwoorde Skrifgebruik of die geslotenheid en tradisie van die geloofsisteem kan legiti-meer nie. Die onverdraagsaamheid wat tot mensevrees kan lei, kan iemand selfs teen sy be-terwete in die piëtisme-vorm laat bly.

As piëtisme *derdens* geïnterpreteer word teen die agtergrond van leefstylverslawing, is die uit-werkinge van godsdiens-euforie, geestelike trots en selfverheffing allermens met die Skrif te ver-soen.

4.4.4. Hoe iemand uit hierdie vorm van piëtisme kan kom

Die deelnemers wat by piëtisme betrokke was ("voorheen p-persone") of nooit daardeur ingetrek is nie ("nooit p-persone nie"), stem in breë trekke saam oor hoe om van piëtisme "vry" te kom. Ofskoon "huidige p-persone" die dogma aanvaar, bestaan daar selfs by deelnemers in dié kategorie ook kritiek. Dit word aangedui.

Tema 1: Die dogma is nie hermeneuties getrou nie

Die eerste tema wat uit die verkreeë data na vore kom, is dat deelnemers besef het die **dogma is nie hermeneuties getrou nie**. Dit blyk uit *Marko* se stelling "...daar is partykeer selfs roekeloos omgegaan met sekere Skrifgedeeltes en allegorieë om die punt van hartsreiniging behoorlik huis toe te dryf." Die probleme wat *Marko* persoonlik en met verloop van tyd ook in die bediening met piëtisme ervaar het, het hom genoop om in die lig van die Skrif krities te besin oor 'n **2de genadewerk**. Hy het weer die Bybel aan die hand van die grammaties-historiese hermeneutiek waarin hy onderrig is, verklaar, en ontdek dat die Skrif misbruik word om dié dogma te staaf en dit het tot sy "vrymaking" gelei.

'n Voorbeeld van die allegoriserings waarna *Marko* verwys, is die Egipte-Kanaän verhaal as 'n begronding vir die **2de genadewerk**. Dit het vir *Edgar* as 'n jong gelowige "...sin gemaak..." en hy skryf dit daaraan toe dat toe hy tot bekering gekom het, was hy so onkundig oor die Bybel dat hy "...nie eers geweet [het] wie Simson of Salomo was nie..." *Graham* en *Allan* is eweneens as jong, onkundige gelowiges deur dieselfde verkondiging beïndruk.

Christopher bestempel dié versuim om hermeneuties verantwoord te werk dat predikers "...die Skrif laat buikspraak doen...om te sê wat ek wil hê dit moet sê." Daarteenoor is verantwoorde, wetenskaplik gefundeerde eksegeese "...onmoontlik versoenbaar..." met die "onverantwoordelike" manier waarop die Skrif deur piëtisties teologiese leiers en predikante aangepas word (of soos hy dit uitdruk, "...verstandelik herskryf" word) om 'n/hul dogma te dien. Hy staan dan 'n grammaties-historiese hermeneutiek vir eksegeese voor en beskou dit as noodsaaklik om die Bybel te "vertaal" vir Suid-Afrikaanse gelowiges se omstandighede. Hy stel dat mense geleer moet word dat God mense wil herstel en nie vernietig nie – "...ware heiligmaking is liefde in aksie."

Die eerste subtema van **wetenskaplik gefundeerde Woordverkondiging** waarin leraars hermeneuties met die Skrif werk, staan teenoor 'n **dogma** wat hermeneuties gesproke, nie getrou is aan die Skrif nie. Net soos die verkeerde gebruik van die Bybel tot dwaling verlei, so kan die regte hantering en gebruik mense na Christus terugbring. Dit was met *Robert* die geval: vanweë opleiding in grammaties-historiese hermeneutiek het hy alreeds tydens sy kweekskoolopleiding begin om weg te beweeg van die piëtisme wat hy eers as lidmaat in sy kerk en later as student by die kweekskool beleef het. Tydens sy studies is die studente jaarliks ook na 'n "Shepherd's Conference" gestuur en daar het hy met gereformeerde teologie kennis gemaak.

By dié konferensie word onderwerpe oor eksegeese (vanaf 'n gereformeerde basis – navorser) en aanverwante sake behandel. As gevolg hiervan het die waarde van die eksegesemetodiek waarin hy opgelei is tot hom deurgedring en het hy dit begin gebruik en sodoende ontdek dat hy, dogmaties gesproke, in sy kerk op 'n pentekostalistiese (Pinkster) of charismatiese belydenis-pad geneem is. Dit "...was vir my 'n skok gewees om te sien in watter lyn ek eintlik basies grootgeword het...in opgelei is...dit het my geskok toe ek dit agterkom, want dit was amper vir my misleiding."

'n Tweede subtema van **akademiese blootstelling** sluit direk by die voorafgaande aan om iemand te help om vry te kom van die piëtisme-vorm. Dit het Edgar gehelp toe hy in sy nagraadse studie met hermeneuties verantwoorde hantering van die Bybel te doen gekry het. Die akademies-verdraagsame atmosfeer waarin hy kon studeer teenoor die **onverdraagsaamheid** wat hy tydens sy kweekskoolopleiding ervaar het, het hom oor sy aanvanklike opleiding ontnugter. Hy sê daarvan "...omdat jy so onskuldig is en so die Here gevind het, jy weet, enigiets sal jy glo...op 'n stadium kom jy op 'n plek waar jy besef ek het hierdie goed geglo sonder dat ek...sonder om eers te vra waar kom dit vandaan?"

Tydens die nagraadse studie het Edgar egter ook baie stryd belewe, want "...aan die een kant wil jy vashou aan wat jy geleer het, en aan die ander kant word jy gewys dat dit nie so eenvoudig is nie...dit was vir my baie moeilik..." Ofskoon hy in die toepassing van die krities-eksakte, wetenskaplik verantwoorde hantering van die Skrif aan grondige teologie blootgestel is, het hy 'n geloofskrisis belewe "...wat amper my geloof verongeluk het..." Hy het vanuit 'n hermeneuties verantwoorde begrip van die Bybel besef hy is in piëtisme vasgevang en dit het hom na 'n oplossing laat soek. Hy bestempel piëtisme dan as 'n siekte en sê hy is daarvan "genees", want "...die manier waarop hierdie ouens dink en dit wat hulle doen is gevaarlik...dit kan veroorsaak dat mense patologies raak, godsdienstig siek."

Tema 2: Ondersteuning van medegelowiges

'n Tweede tema van **ondersteuning van medegelowiges** spreek uit Edgar se belewenis. Hy het van die piëtisme-vorm vrygeraak met die vriendskap en bystand van twee "...sterk belese gelowiges" wat hom ondersteun het in wat hy beskryf as 'n "... liefdesbegeleiding..." Hulle het hom eerlik, betroubaar en sonder veroordeling gehelp. In verband hiermee noem hy 'n baie belangrike faset wat in ag geneem moet word, naamlik dat as jy die kruk van piëtisme by iemand wegneem, dan moet dit vervang word met iets substansieel wat so 'n (gewese) piëtistiese gelowige kan ondersteun en voorhelp.

Tema 3: Gebed

Gebed is 'n derde tema by die "vrywording" van die piëtisme-vorm. Robert is pessimisties oor die moontlikheid dat 'n mens piëtistiese gelowiges tot ander insigte kan beweeg. Hy glo dat hulle nie sonder die ingryp van God sal verander nie: "...'n ou kan vir hulle bid, maar oortuig gaan

jy hulle nie oortuig as die Heilige Gees dit nie doen nie.” *Amanda* glo dat mense wat in dwaalings verstrengel is (soos piëtisme), met liefde en baie **gebed** ondersteun moet word om vry te raak.

Tema 4: Vryheid

Die volgende tema, **vryheid** nadat hulle uit die piëtisme vrygekom het, word verskillend deur “voorheen p-persone” verwoord. *Marko* beskryf dit as “...’n vrymaking...” van vrees: “[d]ie vrees om gedurig te [moet] ‘perform’ – die vrees vir die gevolge – is uitputtend.” Binne die **vryheid** sien hy homself “...in ’n Vader-kind verhouding van...myself wees...juis omdat ek nie meer onder veroordeling staan nie en geen vrees hoef te hê vir ’n God wat my wil bykom oor mislukkings nie.” *Robert* sê wanneer hy aan die verkeerde leer terugdink, is hy eintlik “...dankbaar daarvoor, want dan snap jy die waarheid soveel beter. Die waarheid maak jou meer vry wanneer jy daarby uitkom...as jy gewoon was aan die leuen. Daar’s dinge wat vir jou geleer was onder die vaandel van “God het gesê” en dan het God nooit gesê nie, dit was die oortuiging van ’n mens...” Hy het hom voorgeneem “...ek sal nie weer in my lewe ’n slaaf van mense wees nie, want om ’n slaaf van ’n mens te wees, sy oortuigings maak van jou ’n halwe mens, jy kan nooit die vreugde en die vrede van die Here ervaar nie.”

Oor sy **vryheid** skryf *Edgar* hy “...[is] eens en vir altyd van piëtisme genees...” en, ofskoon hy soms ’n “...gevoel van godsdienstige verwarring...” beleef, beleef hy nou “[v]ryheid dat jy vir jouself kan dink.” Hy het ook woede belewe: “...dis nogal ’n baie slegte respons as jy uit dit kom, nou’s jy baie kwaad, jy’s kwaad vir hierdie mense omdat hulle so ’n houvas op jou lewe gehad het. So, daar’s ’n stuk woede en nou speel jy sommer duiwel se advokaat met hulle, so nou probeer ’n ou sommer hulle geloof verwoes.” Hiervan sê hy egter: “[j]y moenie dit doen nie, ’n mens moet nog steeds...hierdie ouens is nog steeds lief vir die Here en hulle is ook kinders van die Here en ek dink ’n mens moet net hulle daarop wys op ’n mooi, liefdevolle wyse.”

Tema 5: Om ooreenkomstig Christus se voorbeeld te lewe

Die tema **om ooreenkomstig Christus se voorbeeld te lewe** staan teenoor ’n werke-piëtisme van “...jy moet ‘perform’...” (*Stephen*). *Robert* laat hom sterk uit oor die gebondenheid wat in piëtisme aanwesig is: “...daar’s dinge wat vir jou geleer was onder die vaandel van ‘God het gesê’ en dan het God nooit gesê nie, dit was die oortuiging van ’n mens.” *Marko* stem in wese hiermee saam en sê die **vryheid** bestaan daarin om nie weer ’n slaaf te word/wees van ’n klomp moets en moenies nie. As mense verstaan wat God se doel met hulle is, dat hulle nie hoef te “perform” om hom tevrede te hou sodat hy hulle nie sal bykom nie, dan kom lewensheiliging tot sy reg. Ten einde dit te help bevorder sê hy “...[ek] vat die persoon na Christus dat hy ontdek wat het hy geword en ontvang in Christus. En daarvandaan vat ek hom in eenvoud ‘stappender-wys’, nie ‘stapsgewys’ nie, om te ontdek en daarin te groei en weg te kom van al hierdie dinge wat van my nie ’n kind maak nie, maar ’n slaaf.”

Amanda, 'n "nooit p-persoon nie", beskou dit as noodsaaklik vir **vryheid** van piëtisme dat gelowiges **volgens Christus sal lewe**. Ten einde as 'n voorbeeld vir ander te lewe, stel sy dit as 'n vereiste om uit te vind "...op watter manier het Jesus gedoen..." en ook om as't ware "...die Bybel [te] lees uit Jesus se oë." Dit blyk uit haar stelling dat die Bybel se standaard vir 'n toegevyde lewe (hoe het Jesus gedoen) voorgehou moet word in plaas van die piëtisme se "gepak" van uiterlike, oppervlakkige "standaarde" wat mense wegjaag. As sodanig sou die gelowiges op wie se skouers hierdie verantwoordelikheid rus, nie-piëtisties gesind moet wees. *Stephen* se vertrekpunt hiervoor beklemtoon dit as hy met *Amanda* saamstem dat iemand se lewe moet ooreenstem met wat hy verkondig – "...ek dink dis hoekom die Here so 'n sterk impak gehad het ...omdat Hy nooit iets gesê het wat teenstrydig was met sy lewe, hoe hy opgetree het nie."

Stephen is nooit deur die piëtisme-vorm ingetrek nie, maar dit het hom nogtans so negatief beïnvloed dat hy **vryheid** ervaar het toe hy "...besef [het] ek kan nie glo wat hierd'e mense sê nie." Dit wat hy enersyds gehoor en andersyds gesien het, het nie vir hom sin gemaak nie. Hy meen daarom dat 'n verkondiging waarin die "...Woord op 'n ander manier oopgaan..." tot **vryheid** van mense wat in piëtisme vasgevang is, kan meewerk. Vanweë die geïsoleerdheid waarin sommige piëtisties-gesinde mense lewe, dra hulle nie kennis van "...die realiteit, die lewe en wat om hulle alles plaasvind..." nie en wil hulle nie "...met die hardheid en die wreedheid van die wêreld daar buite..." betrokke raak nie. Hulle bly gevolglik in die gemaksones van hul godsdiensoormoed vasgevang. Daarteenoor kan blootstelling aan die realiteit van die lewe ("...as 'n ou begin betrokke raak en sien die nood en dat ander mense behoeftes vervul...") en "[b]lootstelling aan die behoeftes van die gemeenskap...mense se oë oopmaak."

Samevatting

Die uitstaande faset wat rakende vryheid van piëtisme uit die data na vore kom, is korrekte, verantwoorde Skrif-hantering. Gelowiges wat in 'n Skrifbegronde dogma en daarmee gepaardgaande hermeneuties verantwoorde prediking geestelik ontwikkel het, is nie by die betrokke vorm van piëtisme ingetrek toe hulle daaraan blootgestel is nie. Dit is verder uit die data duidelik dat persone uit die piëtisme vrygeraak het toe hulle hermeneuties verantwoord met die Skrif begin werk het. Hiertoe het verdere akademiese blootstelling positief bygedra. 'n Grammaties-historiese hermeneutiek waarin die gereformeerde teologie sy regmatige plek beklee en die Skrif onbevange bestudeer kan word, is hiervoor essensieel. Die noodsaaklikheid dat leraars hermeneuties verantwoord met die Skrif moet werk, word beklemtoon.

Die data laat verder blyk dat ondersteuning van medegelowiges noodsaaklik is om gelowiges te help om vry te raak van piëtisme. Aansluitend hierby is gebed vir die vrywording van mense in die piëtisme-vorm, asook dat sulke gelowiges Christus sal naleef, omdat dit vryheid van 'n vormgodsdiensoormoed kan meebring en inhou.

Met verwysing na die basisteorie kan *eerstens* aangedui word dat piëtisme nie alleen deur hermeneuties verantwoorde verkondiging voorkom word nie, maar ook bevryding daaruit vir gelowiges meebring.

Tweedens kan die liefdevolle naleef van Christus deur medegelowiges wat nie piëtisties gesind is nie, iemand help om vry te kom. Gebed vir gelowiges wat in piëtisme vasgevang is, is noodsaaklik, asook dat die wat vrygeraak het in 'n betoning van Bybelse naasteliefde teenoor ander, hulpbehoewende, mense vir Christus vergestalt.

4.5 Gevolgtrekking en aanbeveling

Baie van die temas wat in die empiriese ondersoek na vore kom, toon opvallende ooreenkoms of oorvleueling met die basisteoretiese perspektiewe. Vanweë die groot hoeveelheid beskikbare data in die basisteorie word die belangrikste temas en/of subtemas binne die hantering van die vier hoofpunte (4.4.1-4.4.4) ter illustrasie genoem:

- Hoe raak iemand by hierdie vorm van piëtisme betrokke: Die dogma van 'n vereiste tweede genadewerk as oplossing vir die inwonende sonde-probleem (vergelyk p. 163); piëtistiese "eksegese" (die Egipte-Kanaän allegorie) (vergelyk p. 159, 160, 161, 163).
- Waarom iemand nie by hierdie vorm van piëtisme betrokke raak nie: 'n gesonde, Bybelse leer (vergelyk p. 132); die negatiewe, ongeloofwaardige wyse waarop piëtisme uitgeleef word (vergelyk p. 146, 148).
- Waarom iemand in hierdie vorm van piëtisme bly: die geloof/sekerheid dat iemand die genadewerk ontvang het (vergelyk p. 90, 150, 156); geslote godsdienssisteem /kerktradisie (vergelyk p. 148), godsdienstige euforie, geestelike trots (p. 86).
- Hoe iemand uit die vorm van piëtisme kan kom: die ontdekking dat die dogma nie hermeneuties getrou is nie/wetenskaplik gefundeerde Woordverkondiging (vergelyk p. 164, 170); ondersteuning van medegelowiges en gebed (vergelyk p. 166, 175); lewe ooreenkomstig Christus se voorbeeld (p. 174).

'n Opsigtelike aspek van die piëtisme-vorm wat verrassend in die metateorie na vore kom, is die liefdelose uitlewing daarvan. Ofskoon dit nie uitgebreid in die basisteorie beskrywe is nie (vergelyk verwysings op p. 135-137), werk die ervaring van die negatiewe aspekte van die piëtisme-vorm daartoe mee om iemand daarvan te laat vry word. Van die dinge wat na vore gekom het, is bv. die wettisme; baie ernstige godsdienstigheid, maar met slegte gesindhede; 'n piëtistiese "verstaan" van die Skrif; geslotenheid van kerk/sisteem; fundamentalisme en/of onverdraagsaamheid. Die onverdraagsaamheid is baie duidelik uit die ondervinding van iemand wat, moontlik te wyte aan die onkunde van teologiese voorgangers in die opleidingsopset, verbied was om vrae in die klas te stel.

Die resultate van die empiriese ondersoek kan i.v.m. bostaande bespreking in drie gevolgtrekkings saamgevat word.

- Wat die piëtisme behels;
- Waarom mense daarby betrokke raak en daarin bly;
- Wat gelowiges daarvan kan weerhou om by piëtisme betrokke te raak en hoe hulle daaruit kan kom.

'n Aanbeveling word telkens aan die hand gedoen met die oog op die voorgestelde beradingsbenadering.

Gevolgtrekking 1: Wat die piëtisme-vorm behels

Die piëtisme-vorm wat nagevors is, behels 'n opvolgende, of "2de" genadewerk wat dogmaties as 'n heilighede- en heiligmakingvereiste gestel word. Dit word imperatief as 'n bykomstige genadewerk naas regverdigmaking/weergeboorte/die Verlossing in Christus gestel. Weliswaar word dit nie volstrek so aangedui nie, maar in terme van so 'n vereiste beklee die regverdigmaking 'n mindere plek. Vergeleke met dié tweede genadewerk wat voorgehou word as God se "standaard" waarsonder gelowiges se lewensheiligheid nie kan realiseer en gevolglik daarna voortgaan nie, is regverdigmaking "...maar 'n slegte begin" (*Marko*).

Volgens so 'n leer is gelowiges (allegories gesproke) sogenaamd uit Egipte verlos (met regverdigmaking), maar moet nog van die Egipte in hulle (die inwonende sonde) verlos word (deur die vereiste heiligmaking), sodat hulle nie langer 'n val-en-opstaan woestynlewe sou voer nie, maar die volheidslewe in Kanaän beërwe. Die prominensie van hierdie allegorie as feitlik 'n dogmatiese verlossingsparadigma in die verkondiging van die genadewerk spreek stellig uit die feit dat ongeveer 50% van die deelnemers bepaald daarna verwys het. 50% van dié groep het dit ook onomwonde as onbybels gekritiseer. Uit die algemene strekking van die terugvoer deur deelnemers is dit veral duidelik dat dié "heiligmaking" by individue plaasvind en daar is geen vermelding van die kerk as die eenheid waarin die Heilige Gees werksaam is nie.

Die gevolgtrekking waartoe geraak word oor die piëtisme-vorm is dat 'n vereiste vir 'n bykomstige genadewerk die Skrifopenbaring oor die algenoegsaamheid van Christus se Versoening teenstaan. Dit impliseer dat die regverdigmaking en wedergeboorte van 'n nuwe skepping in Christus feitlik geen verandering by 'n gelowige se lewe meebring nie. Die feit dat hierdie opvolgende genadewerk as God se standaard voorgehou word, lei tot die vraag na die status en geestelike stand van gelowiges in kerke waarin dié leer nie verkondig word nie. Hoe handhaaf hulle 'n standaard waarvan hulle nie eens kennis dra nie (aangesien hierdie dogma as 'n "unieke boodskap" net aan sekere kerke toevertrou skyn te wees)?

Vanuit 'n teologiese/dogmatiese perspektief skyn die genadewerk-leer swaar te leun op 'n allegoriese verklaring van Ou Testamentiese besonderhede wat in 'n geforseerde tipologie as 'n

Nuwe Testamentiese soteriologie aangebied word. Die individualistiese strekking wat duidelik in die opvolgende genadewerk-leer uitstaan, misken nie net die algehele belangrikheid van die gemeente/kerk as geloofsgemeenskap waarbinne die Heilige Gees as Heiligmaker werksaam is nie, maar dit versterk ook die piëtistiese sienswyse dat sonde iets is wat weinig met verkeerde optrede/leefwyse teenoor ander mense te doen het (en waarin daar dus teen God oortree word), maar bestaan in uiterlikhede soos bv. dames se kleredrag en voorkoms.

Aanbeveling

Daar word aanbeveel dat beraders primêr daarop ingestel moet wees om op 'n hermeneuties geloofwaardige wyse die Skrif te hanteer ten einde die realiteit van piëtisme te kan tuisbring by mense wat daarby betrokke is. Ten opsigte van die vorm van piëtisme wat in die studie nagegaan is, moet beraders die onbybelse vereiste vir 'n bykomstige genadewerk wat die Skrifopenbaring oor die algenoegsaamheid van Christus se Versoening opponeer, blootlê. Dit vereis dat die algenoegsaamheid van Christus beklemtoon moet word.

Gevolgtrekking 2: Waarom mense by die piëtisme-vorm betrokke raak en daarin bly

Die betrokkenheid van al die deelnemers in die piëtisme-vorm wat ondersoek is, spruit voort uit die dogma van 'n kerk waarin hulle lidmate is. Daar kan aangedui word dat persone wat by piëtisme betrokke raak, dit wel doen vanweë 'n piëtistiese dogma. Persone wat na bekering in 'n ander kerk lidmate was waar hulle met 'n gesonde, gereformeerde leer bedien is, is nie deur die piëtisme-dogma beïnvloed toe hulle as relatief gevorderde gelowiges na ongeveer 10 jaar van kerkverband verander het nie. Persone wat by piëtisme betrokke bly, handhaaf die *dogma*, want in dieselfde kerk is daar ook gelowiges wat die dogma/leer oor die vereiste genadewerk nie langer huldig nie en/of dit nog nooit aanvaar het nie, maar nogtans die Here getrou dien.

In die geval van beide "huidige p-persone" en "gewese p-persone" het almal behalwe een (wat in die kerk grootgeword het), as pasbekeerde gelowiges by die kerk aangesluit waar hulle by die dogma/verkondiging van 'n tweede genadewerk aanklank gevind het. Dit blyk dus dat so 'n leer veral byval vind by mense wat pasbekeerd is of nuwe lidmate van 'n kerk of heiligheidsbeweging waar dit verkondig word.

Onkunde is 'n faktor wat veroorsaak dat mense by die piëtisme-vorm betrokke raak. Dieselfde groep deelnemers (uitgesonderd die een "gewese p-persoon" wat in die kerk grootgeword het) verklaar dat hulle óf baie min, óf niks van die Bybel geweet het nie, maar vervul was met entoesiasme om die Here met oorgawe te dien. Dit is naasteby ook die beweegrede waarom die persoon wat in die kerk grootgeword het, die dogma van die genadewerk aanvaar het nadat hy tot bekering gekom het, en na so 'n genadewerk gesmag het. Ofskoon hy in die kerk grootgeword en die Bybel baie gelees/goed geken het, het dit hom nogtans nie daarvan weerhou om deur die genadewerkdogma "mislei" (sic) te word nie.

Die redes waarom iemand in die piëtisme-vorm bly, blyk eerstens die oortuiging te wees dat so 'n genadewerk werklik bestaan. In die geval van die deelnemer wat oortuig was dat hy so-iets ontvang het, blyk dit dat hy aan God gehoorsaam was om sonde wat hy teen ander mense begaan het, te bely en in die reïne te bring. Daarna het hy toe ervaar dat die Here die werk vir hom gedoen het (sic). Op die oog af skyn dit te bevestig dat daar iets soos die genadewerk bestaan, maar inderwaarheid het God heiligend in hom gewerk omdat hy gedoen het wat die Skrif stel, nl. om die sonde wat sy geestelike lewe kragteloos (sic) gemaak het, te bely en versoening gedoen het (Mat. 5:23 v.) teenoor die persone wat hy te na gekom het.

'n Tweede rede is dat iemand nie van iets anders oortuig is nie. Dit, tesame met 'n sterk lojaliteitsgevoel, lei daartoe dat so 'n persoon nie sy kerk wil te na kom nie. Ofskoon die deelnemer self nie heeltemal seker is dat die genadewerk-dogma reg is nie, vestig hy sy hoop daarop dat as dit verkeerd is, dan sal God dit verander. Mensevrees kan ook 'n rol speel en iemand in die piëtisme-vorm laat bly.

'n Derde rede waarom gelowiges in so 'n piëtisme-vorm bly, is positiewe ervarings. Die piëtisme word eufories belewe en kan selfs in 'n vorm van verslaafdheid ontaard. Die gevoel van verhevenheid wat hierdie vorm van piëtisme kan meebring, hou moontlikhede in dat gelowiges 'n geestelike trots/hoogmoed ontwikkel en wat daartoe kan lei dat hulle andere met onverdraagsaamheid behandel.

'n Vierde rede is juis die onverantwoorde Skrifhantering wat iemand in die eerste plek met die dogma aanklank laat vind het. Mense raak aan die verkondiging gewoond en aanvaar eendelik dat dit die regte boodskap is. Hulle word geleer om die Bybel "...uit 'n bepaalde konteks, uit 'n bepaalde verstaan" (*Robert*) te lees en so raak hulle in die dogma gevestig.

Dit sluit aan by die vyfde rede, naamlik die geslotenheid van die geloofsgemeenskap. Vanweë die geslotenheid wat so 'n piëtistiese geloofsstelsel kan kenmerk, kry lidmate nie blootstelling aan ander teologiese inhoude nie. Gemeentes/gelowiges leer gevolglik niks anders ken waardeer hulle denke geprikkel, en hulle dalk tot beter of breër insigte kan kom nie. Dié geslotenheid het ook 'n impak op die opleiding, en gevolglik die akademiese paraatheid van predikante. Ten spyte daarvan dat daar in die betrokke kerklike opset nie radikaal 'n afkeer van teologiese studie as sodanig bestaan nie (daar is immers 'n opleidingsfasiliteit vir leraars), kom dit voor of belesenheid nie aangemoedig word nie. Dit bring mee dat predikante in opleiding hoofsaaklik met die dogma en tradisie van hul kerk te doen kry en dit derhalwe verkondig. Dit is 'n ope vraag of hulle onderrig word om hermeneuties onbevange en getrou eksegese van die Bybel te doen en so word die voortbestaan van die kringloop van onverantwoorde Skrifhantering wat die tradisionele dogma dien, verseker.

Betrokkenheid by die piëtisme-vorm hou nadele in. Een van die skadelikste is dat gelowiges van die Bybel vervreem kan raak. As die genadewerk-ondervinding ("heiligmaking") nie "uit-

werk” nie, kan dit iemand verwar en tot moedeloosheid dryf en aan die sin van alles laat twyfel. Dit was die geval by iemand wie se lewe nie verander het toe hy sogenaamd ”die ondervinding” verkry het nie. Groepsdruk kan veroorsaak dat gelowiges onsekerheid beleef en minderwaardig voel. Iemand wat bv. nie deur piëtisme ingetrek was nie, het vanweë die houding van piëtisties gesinde lede van sy kerk verneder gevoel en ’n ander het baie stremming in sy toewyding as gevolg daarvan ervaar. Die wettiese aard van die godsdienste het veroorsaak dat iemand gevoel het hy moet God se guns verdien deur die genadewerk te ontvang.

Aanbeveling

Beraders moet iemand wat by piëtisme betrokke geraak het, in die Bybelse leer oor lewensheiligheid begelei deur middel van ’n duidelike uiteensetting van die omvattendheid van Verlossing en daarmee gepaardgaande resiproke toewyding aan Christus. As iemand weet wat die Bybelse begrip van sonde is, kan hy ook insien hoe hy volgens die Bybel moet lewe. Aangesien dit blyk dat ’n piëtisme-leer veral byval vind by pasbekeerde mense of nuwe lidmate van ’n heilighedsbeweging/kerk waar dit verkondig word, sou ’n bybelgefundeerde kategetiese waarin dié aspekte van pastorale begeleiding voorrang geniet, as noodsaaklik beskou moet word.

Dit is ook noodsaaklik dat die oortuiging dat so ’n genadewerk werklik bestaan, spesifiek weerlê moet word. Die Skrif se duidelike lering oor die versoening van, en verlossing in Christus wat so ’n genadewerk oorbodig maak, moet primêr aan die orde gebring word. Die verkeerde gebruik van die Bybel moet aandag geniet: as iemand leer/geleer word om die Bybel te lees, bv. vanuit die dogmatiese oogpunt van die genadewerk-leer, dan moet hy ondersteun en begelei word om die inkorrekte praktyk te staak en gehelp word om Bybellees/Bybelstudie reg te doen.

Die negatiewe aspekte wat aan piëtisme gekoppel is, hou verreikende negatiewe gevolge vir beide ’n piëtis en ander gelowiges, asook nie-gelowiges, in. Die teenstrydigheid met die uitlewing van die nuwe lewe in Christus (wat bv. in die Bergpredikasie en liefdesgebod [Matt. 22] uitgestippel is en kennelik in Gal. 5, die vrug van die Gees, gestel word) en na vore kom in geestelike trots/hoogmoed, onverdraagsaamheid en hardheid, moet bevraagteken en ernstig onder die loep geneem word deur verantwoorde prediking en die uitleef/betoning van ware geloof.

Die moontlikheid dat iemand in ’n leefstylverslawing van oorgodsdienstigheid vasgevang kan word, is voor die hand liggend tesame met die dissonante werklikheidsbelevens wat in ’n geloofspatologie voorkom (vergelyk Louw, 2005:363-364). Die ergste moontlikheid wat geantisipeer moet word, is dat die piëtisme-vorm God se plek by ’n gelowige kan inneem (Nicholls, 1996:10). In die beradingsproses sal pastorale werkers op hierdie moontlikhede bedag moet wees om beradenes in die vryheid wat in Christus is, te herstel; na die werklikheid van die lewe waarin God ons hoogste goed is, terug te bring, en te begelei tot ’n lewe waardeur Hy geëer en nie onteer word nie.

Gevolgtrekking 3: Wat gelowiges daarvan kan weerhou om by piëtisme betrokke te raak en hoe mense uit piëtisme kan kom

Gelowiges wat in hul vorige kerk vanuit 'n Skrifgefundeerde leer en hermeneuties verantwoorde eksegetiese onderrig is, is nie deur die piëtistiese dogma en invloede geraak toe hulle in hul nuwe /ander kerk daarmee te doen gekry het nie. Gelowiges wat Christus opreg naleef, word ook nie deur piëtisme beïnvloed nie, al sou hulle ook met die dogma gekonfronteer word.

'n Skriftuurlike Christologie wat die algenoegsaamheid van Christus en die realiteit van die Verlossing duidelik teenoor die piëtisme van opvolgende genadewerk/e stel, kom na vore in 'n hermeneuties getroue hantering van die Skrif. Korrekte Woordverkondiging is stellig die belangrikste en prominentste faktor beide om piëtisme teen te werk en "bevryding" uit piëtisme te bied. Kerngesonde teologiese blootstelling van lidmate is hiervoor noodsaaklik.

Ten einde die Skrif korrek te kan hanteer, is eerstens die regte teologiese (naas ander) fasette van opleiding van leraars uiters noodsaaklik. 'n Teologiese opleiding wat op 'n breë Bybelkundige basis geskoei is en prinsipiële op hermeneuties betroubare/verantwoorde eksegetiese ingestel is, kan die eensydige indoktrinasie van leraars om binne 'n geslote sisteem met net 'n kerk se leer en tradisie te werk, ondervang.

Gelowiges wat besef het dat die piëtisme-dogma waarmee hulle te doen het nie getrou is aan die Skrif nie, het ook vanweë die teenstrydige en ongeloofwaardige optrede van mense wat dié piëtistiese heiligheidsleer aanhang, tot die slotsom geraak. Die ongeloofwaardige optrede van piëtistiese leraars en eendersdenkende volgelingen veroorsaak 'n weersin in so 'n leer en werk daartoe mee dat gelowiges verlang na egte lewensheiligheid en die uitleef van liefde. Die betoning van naasteliefde en barmhartigheid aan behoeftige mense volgens die voorbeeld van Jesus se optrede, kan iemand laat besef wat ware godsdiens behoort te wees.

Die eenvoudige naleef van Jesus Christus in die alledaagse is dus nie net 'n teenvoeter om nie deur die -isme "verstrik" te raak nie, maar bied ook 'n effektiewe praxis om daaruit te kom. Gebed vir mense wat hulle in piëtisme bevind, is noodsaaklik en saam met die betoning van Christelike liefde kan dit hulle help om vry te raak. Gelowiges wat die piëtisme-vorm die rug toegekeer het, getuig van die werklike vryheid wat hulle ervaar het en dat hulle die Here sonder vrees kan dien. Selfs iemand wat nooit die piëtisme-vorm aanvaar het nie, het die vryheid ervaar toe hy besef dit is nie geloofwaardig nie.

Aanbeveling

'n Skriftuurlike Christologie wat die algenoegsaamheid van Christus en die realiteit van die versoening duidelik teenoor die piëtisme van opvolgende genadewerk/e stel, moet by gelowiges (en by name veral jong/nuut bekeerde mense en nuwe lidmate) beklemtoon word. Die Bybelse

leer oor lewensheiligheid wat op die Versoening berus en in toewyding aan Christus realiseer, moet teologies verantwoord word.

Dit is noodsaaklik dat gelowiges mekaar in die gemeente, binne die gemeenskap van die liggaam van Christus, teen die piëtisme-dogma en die uitvloeisels daarvan beskerm. Die negatiewe aspekte van piëtisme waarna verwys is, kan gestop word deur gelowiges wat Jesus Christus in eenvoud en opregtheid in die alledaagse naleef deur juis nie liefdeloos, geestelik trots, hoogmoedig, onverdraagsaam, heerssugtig of hard teenoor ander te wees nie. Hierdie optrede sou ook saam met gebed/voorbidding noodsaaklik wees gepaard met die opregte betoning van Christelike liefde vir mense wat hulle in die piëtisme bevind, om iemand wat daarby betrokke is, te bevry.

By mense wat in 'n piëtistiese godsdiens-gemaksone verkeer, moet 'n bewussyn gekweek word van die nood van andere, en hulle behoort aangemoedig te word om betrokke te raak by barmhartigheid en die betoning van naasteliefde. So kom ware lewensheiligheid volgens die lewensvoorbeeld van Jesus Christus na vore. Fasiliterende strukture binne die gemeente om so 'n betrokkenheid in die samelewing te fasiliteer, is hiervoor noodsaaklik.